(1) 'n Werknemer wat wens om sy diens by 'n werkgewer te beëindig, en 'n werkgewer wat wens om die diens van 'n werknemer te beëindig, moet in die geval van timmermans, of skrynwerkers, minstens twee uur opsegging en in die geval van ander werknemers minstens een uur opsegging van die diens gee, met dien verstande dat die diens in geen geval voor die stakingstyd soos voorgeskryf in klousule 8 van hierdie Ooreenkoms, moet eindig nie.

Gedurende die tydperk van opsegging, moet 'n werknemer vir wie in subklousule (g) van klousule 4 (1) lone voorgeskryf word, toegestaan word om sy gereedskap in bedryfstoestand te bring en geen werknemer mag sy werk voor afloop van die tydperk van opsegging verlaat nie.

(2) Geen diensopsegging is nodig tensy die betrokke werknemer drie agtereenvolgende dae vir dieselfde werkgewer gewerk het nie.

11. Bêre en verskaffing van gereedskap, ens.

(1) Die werkgewer moet op alle werke 'n geskikte plek vir die opsluiting van gereedskap verskaf. Dit is nie op klein werkies van toepassing nie. Die werkgewer is verantwoordelik vir verlies van, of skade aan, gereedskap in opsluitplekke, skure en werkwinkels, as gevolg van brand, wat deur werknemers gely word en hy moet daardie gereedskap teen verlies deur brand verseker, altyd met dien verstande dat sy aanspreeklikheid nie meer as £75 ten opsigte van gereedskap wat aan een werknemer behoort, sal bedra nie.

(2) Werkgewers moet slypstene verskaf vir die skerpmaak van gereedskap. As geen slypstene op 'n werk verskaf word nie, dan moet timmermans en skrynwerkers voor beëindiging van hul diens voldoende tyd en fasiliteite toegestaan word om hul gereedskap in goeie bedryfstoestand te bring.

(3) Werkgewers moet die volgende verskaf in die geval van—

(a) Asfalteerders: Rollers, kwaste en liniale.

(b) Messelaars:

(i) Alle snygereedskap wat gebruik word vir die kap van kieselaardebakstene en ander soorte bakstene van soortgelyke hardheid;

(ii) alle snygereedskap vir die kap van gewapende konkreet;

(iii) 'n bekwame gereedskapsmid, of geskikte middels en uitrusting vir die skerpmaak van gereedskap.

(c) Timmermans: Alle klemme, handskroewe, lymkwaste, skroefsleutels, koevoete, slagbore en boorysters van langer as 12 duim, en alle hamers swaarder as 3 lb. en alle sae en/of snygereedskap wat gebruik word vir die sny van asbesdakplate of ander materiaal van soortgelyke hardheid.

(d) Klipmesselaars en klipkappers:

(i) Gereedskap vir die bewerking van graniet of harde klip, en kloue;

(ii) geskikte skure vir klipkappers met 'n dak wat minstens 10 voet bo die grond moet wees (hierdie bepaling is nie op klein werkies op bouterreine van toepassing nie);

(iii) 'n bekwame gereedskapsmid om alle gereedskap skerp te maak.

(e) Skilders en behangers: Alle gereedskap, uitgesonderd stopverfmesse, stoffers en behangerskwaste en -skêre.

(f) Pleisteraars: Mortelborde en bokke van geskikte hoogte, rollers, liniale en alle gereedskap wat uitsluitlik vir die lê van granoliet gebruik word.

(g) Loodgieters en gasaanlêers:

(i) masjiene wat in die werkwinkel of op die werk gebruik word;

(ii) handaambeelde en klinkboute en bore van alle groottes;

(iii) skroefsnygereedskap, soos snyblokke en -stempels, ens.;

(iv) pypsnygereedskap en bankskroewe;

(v) spesiale en swaar kalfaatysters en smeltpotte;

(vi) metaalpotte en groot gietlepels;

(vii) beitels, ponse en muurpenne van meer as 9 duim lank;

(viii) soldeerboute en blaaslampe;

(ix) vyle en ystersae;

(x) skroefspille van meer as twee duim deursnee;

(xi) klinkstelle van No. 12 bout en oor, en groefgereedskap;

(xii) metaalplaatwerkers se plethamers en dryfhamers;

(xiii) ponse van meer as ¼ (eenkwart) duim in deursnee, hol of solied;

(xiv) skroefsleutels en tange van meer as 12 duim lank.

12. SPECIAL PROVISIONS GOVERNING THE PERFORMANCE OF CERTAIN CLASSES OF WORK.

Employers and employees shall observe the following rules:—

(1) *Concrete Work.*—Every employer shall employ an employee at a rate of not less than the wages prescribed in sub-clause (1) (*g*) of clause 4 of this Agreement, who shall be continuously employed whilst concrete is being placed in situ and it shall be the sole duty of this employee to supervise other persons doing this class of work.

(2) *Joinery.*—No joinery manufactured in a district of the Union of South Africa in which wages lower than those prescribed for such work in clause 4 (*g*) of this Agreement shall be utilised in the Industry, unless such lower wages are legalised under a wage regulating measure.

(3) (*a*) *Stone Work.*—(i) An employer shall not employ any person other than a mason as an operator of a stone turning and planing machine and/or diamond and carborundum sawing machine.

(ii) An employer shall not employ any person other than a qualified mason on work usually performed by masons, which includes the working and fixing of slate other than roofing with slate or facing work in slate.

(*b*) An employer shall pay an employee, who is a mason to fix saw blades, set stones ready for sawing and/or fix and level all stones for polishing machines, not less than the wages prescribed in sub-clause (1) (*g*) of clause 4 of this Agreement.

(*c*) An employer shall not permit masons' bankers to be less than six feet apart or dust to be blown off with exhaust or other air during working hours.

(*d*) All squared and/or hammer dressed stone shall be worked in the employer's yard or on the job, but may be reduced in size at the quarry by the use of a spall hammer only. When the employer's yard is situated at the quarry, it must be a reasonable safe distance from the working face of the quarry.

(*e*) An employer shall ensure that the dunter machines shall not be worked in the shed where men are employed cutting stone, and that such machines shall not be worked within 30 yards of any mason whilst cutting stone, unless other adequate protection is provided for employees working in the vicinity of the said dunter machines; nor shall an employee so operate such machine in breach hereof.

(*f*) No stone dressed in a district of the Union of South Africa in which wages lower than those prescribed for such work in clause 4 (*g*) of this Agreement shall be utilised in the Industry unless such lower wages are legalised under a wage regulating measure.

(4) *Scaffolding.*—An employer shall ensure that all scaffolding constructed of wood is properly constructed of sound material, that it is erected under the constant supervision of a competent person to whom the employer shall pay not less than the wages prescribed in sub-clause (1) (*g*) of clause 4 of this Agreement, and that it shall at least conform to the following requirements:—

A. *General.*—(i) All poles are to be clean and all bark removed before using; all timber used shall be free from dangerous knots and other defects.

(ii) All scaffold cords are to be not less than ½ inch in diameter by 20 feet in length. Chain gear may be used.

(iii) All wedges for the lashings are to be properly tapered and not less than 14 inches in length.

(iv) No cleats may be used for supporting any member of the framing.

(v) All wooden scaffold poles shall be lapped not less than 6 feet and have three lashings.

(vi) In needle scoffolds the needles shall be fixed on edge and shall be 9 inch by 3 inch deal or timber of equal strength. Needles shall be spaced not more than 6 feet apart with 9 inch by 1½ inch flooring for platforms. If 9 inch by 3 inch flooring is used the needles may be spaced 10 feet apart which is to be maximum spacing in any circumstances. The outside portion of the needles must be strengthened by brackets and struts. Needle scaffolds shall be provided with a strong and securely fixed guard rail.

B. *Bricklayer's Scaffold.*—(i) The standards must be not less than 5 inches in diameter at base and must be fixed in earth or in barrels with a proper foundation at not more than 8 feet centres.

(ii) The ledges must not be less than 5 inches in diameter based horizontally to standards at not more than 5 feet centres.

(iii) The putlogs must not be less than 3 inches by 4½ inches and of straight grained wood, not less than 5 feet in length fixed or wedged into walls at not more than 5 feet centres.

12. SPESIALE BEPALINGS VIR DIE VERRIGTING VAN SEKERE KLASSE WERK.

Werkgewers en werknemers moet die volgende bepalings nakom:—

(1) *Konkreetwerk.*—Elke werkgewer moet 'n werknemer in diens hê teen 'n skaal van minstens die loon wat in subklousule (1) (*g*) van klousule 4 van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word, wat voortdurend op diens moet wees terwyl konkreet *in situ* gestort word en hierdie werknemer se uitsluitende plig is om toesig te hou op die ander persone wat hierdie werk doen.

(2) *Skrynwerk.*—Geen skrynwerk wat vervaardig is in 'n distrik in die Unie van Suid-Afrika waarin laer lone betaal word as dié wat vir daardie werk in klousule 4 (*g*) van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word, mag in die nywerheid gebruik word nie, tensy daardie laer lone wetlik is ingevolge 'n loonreëlingsmaatreël.

(3) (*a*) *Klipwerk.*—(i) 'n Werkgewer mag geen ander persoon as 'n klipkapper as 'n bediener van 'n klipdraaibank-, of -skaafmasjien en/of diamant- en karborundsaagmasjien hê nie.

(ii) 'n Werkgewer mag geen ander persoon as 'n gekwalifiseerde klipkapper in diens hê vir werk wat gewoonlik deur klipkappers verrig word nie en dit sluit in die bewerking en aanbring van leiklip, behalwe leidakbedekking of leiklipsigwerk.

(*b*) 'n Werkgewer moet 'n werknemer wat 'n klipkapper moet wees, minstens die loon soos voorgeskryf in subklousule (1) (*g*) van klousule 4 van hierdie Ooreenkoms betaal vir die stel van saaglemme, gereedstel van klippe om gesaag te word en/of bevestiging en waterpasstel van alle klippe vir die poleermasjiene.

(*c*) 'n Werkgewer kan nie toestaan dat klipkap werkbanke op korter afstand as ses voet van mo... opgestel word, of dat gedurende werkure stof met die blaaspyp of ander lug, weggeblaas word nie.

(*d*) Alle vierkantige en/of hamerbewerkte klip moet op die werkgewer se werf of op die werk self, bewerk word, maar kan by die klipbreekgat slegs met behulp van 'n breekhamer kleiner gemaak word. As die werkgewer se werf by die breekgat geleë is, moet dit op 'n redelike veilige afstand van die werkfront in die breekgat wees.

(*e*) 'n Werkgewer moet sorg dat in skure waarin manne besig is met klipkap, nie met 'n duntermasjien gewerk word nie en dat daardie masjiene nie binne 30 tree afstand van 'n klipkapper wat klipkap, gebruik word nie, tensy vir werkgewers wat in die nabyheid van die genoemde duntermasjiene werk, in ander voldoende beskerming voorsien is; ook mag geen werknemer in oortreding hiervan met sodanige masjien werk nie.

(*f*) Geen klip wat bewerk is in 'n distrik in die Unie van Suid-Afrika waarin laer lone betaal word as dié wat vir daardie werk in klousule 4 (*g*) van die Ooreenkoms voorgeskryf word, mag in die nywerheid gebruik word nie, tensy daardie laer lone wetlik is ingevolge 'n loonreëlingsmaatreël.

(4) *Steierwerk.*—'n Werkgewer moet sorg dat alle houtsteierwerk behoorlik uit gesonde materiaal gemaak word, dat dit opgerig word onder die voortdurende toesig van 'n bevoegde peroon aan wie die werkgewer minsten loon moet betaal wat in subklousule (1) (*g*) van klous van hierdie Ooreenkoms voorgeskryf word en dat minstens aan die volgende vereistes voldoen:—

A. *Algemeen.*—(i) Alle pale moet skoon en die bas afgemaak wees voordat hulle gebruik word; alle timmerhout wat gebruik word moet sonder gevaarlike kwaste en ander gebreke wees.

(ii) Alle steiertoue moet minstens 'n ½ duim in deursnee en 20 voet lank wees. Kettinguitrusting kan gebruik word.

(iii) Alle keile in die vasbindplekke moet behoorlik spits en minstens 14 duim lank wees.

(iv) Geen klampe mag vir ondersteuning van enige deel van die raamwerk gebruik word nie.

(v) Alle houtsteierpale moet minstens 6 voet oormekaar lê en drie vasbindplekke hê.

(vi) By konsolesteiers moet die konsoles op die skerpkant bevestig en van 9 duim by 3 duim greinhout, of timmerhout van gelyke sterkte, wees. Konsoles moet hoogstens op 6 voet van mekaar wees met 9 duim by 1½ duim vloerplanke vir platvorms. As 9 duim by 3 duim vloerplanke gebruik word, kan die konsoles 10 voet van mekaar wees, wat onder alle omstandighede die maksimum afstand is. Die buitekant van die konsoles moet met draagklampe en stutte versterk word. Konsolesteiers moet van 'n sterk en sterkbevestigde veiligheidsleuning voorsien wees.

B. *Messelaarsteier.*—(i) Die staanders moet minstens 5 duim in deursnee aan die voet wees en in die grond, of in vate, met 'n behoorlike fondament staan en op hoogstens 8 voet van mekaar gesenter wees.

(ii) Die dwarsbalke moet minstens 5 duim in deursnee wees en op hoogste 5 voet van mekaar gesenter aan die staanders verbind wees.

(iii) Die kortelings moet minstens 3 by 4½ duim wees en van reguit greinhout van 'n minstens 5 voet lang en 5 voet van mekaar gesenter in die muur vasgemaak of gekeil wees.

(iv) Guard rails of not less than 9 inches by 1½ inches deal boards are to be provided and lashed to the standards at a height of not more than 3 feet above the decking of scaffold over 15 feet above ground level.

(v) Guard B-boards of 9 inches by 1½ inches deal to be nailed as skirtings to the standards close down to decking of scaffolding more than 15 feet above ground level.

(vi) Platforms or decking are to be not less than 3 feet in width and constructed with 9 inches by 1½ inches or 12 inches by 1½ inches deal boards. All laps to be not less than 12 inches and evenly fixed over putlogs.

(vii) All scaffolding of a greater height than 30 feet is to be diagonally braced. All bracing to be not less than 5 inches in diameter, lashed and wedged.

C. *Trestle Scaffold.*—Trestle scaffold is not to be erected to a greater height than 16 feet internally or externally. Trestle to be fixed at not more than 8 feet centres with 9 inch by 1½ inch decking.

D. *Fan Scaffolding.*—Fan scaffolding constructed with 6 inch by 2 inch bearers to be fixed to standards, close boarded with 9 inch by 1½ inch planks, projecting not less than 3 feet from face of scaffolding. Strong wire mesh may be used in spaces required for lighting.

E. *Roof Scaffolding.*—Planking must be provided for foothold on all sloping roofs.

F. *Steel Scoffolding.*—Steel scaffolding shall be erected in conformity with manufacturer's or supplier's instructions.

13. Wet Weather Shelter.

At any site where building operations are being carried on employers shall provide suitable accommodation in which employees may take shelter during wet weather.

14. Latrines.

Proper sanitary accommodation shall be provided by employers on all jobs for Europeans and non-Europeans separately, and wherever sewerage points exists, lavatories must be connected thereto before the job is started and comply with the relative municipal by-laws. In cases where other systems have to be used, proper and daily supervision must be carried out so as to ensure cleanliness.

15 Refreshments.

Every employer shall provide a person for the preparation of tea for his employees in the morning, at noon and in the afternoon. The duration of a tea interval shall not exceed 10 minutes and no employee may leave the position where he is working for tea in the morning or afternoon.

16. Exemptions.

(1) The Council may, in writing, grant exemptions to any person or persons from any of the provisions of this Agreement for any good and sufficient reason.

(2) The Council shall have the power to fix the period for and the conditions subject to which an exemption shall operate.

(3) A licence of exemption under the signature of the Chairman or Secretary of the Council shall be issued to ry person exempted.

4) A licence of exemption may be amended or withdrawn at any time by the Council during the period for which it was granted without assigning any reason therefore.

17. Expenses of the Council.

(1) For the purpose of meeting the expenses of the Council, each employer shall deduct:—

(i) 1d. per week from the wages of each unskilled labourer in his employ.

(ii) 1d. per week from the wages of each operator of a hoist, concrete mixer, mortar or similar machine in his employ;

(iii) 2d. per week from the wages of each driver of a mechanical vehicle of a steam wagon and each operator of a sandpapering and spinning machine in his employ.

(iv) 6d per week from the wages of each person employed by him for whom wages are prescribed in paragraph (*g*) of sub-clause 1 of clause 4 of this Agreement;

and, to the amount so deducted the employer shall contribute an equal amount and the amounts so deducted and contributed shall be paid by the employer to the Council in accordance with the procedure prescribed in sub-clause (2) hereof, provided the provisions of the clause shall not apply in respect of any employee who has worked for the same employer for less than three days in any one week.

(2) All amounts payable in accordance with the provisions of sub-clause (1) of this clause shall, together with a statement showing the number of employees employed and their trades, be forwarded by the employer to the Secretary of the Council, on or before the seventh day of each month.

(3) An employer registered under clause 18 of this Agreement who in any month has no employees from whom deductions are to be made under this clause, shall notify the Council in writing on or before the seventh day of the following month.

(iv) Veiligheidsleunings van 9 duim by 1½ duim greinhoutplanke moet aangebring en aan die staanders vasgebind word op 'n hoogte van hoogstens 3 voet bo die steierplatform wanneer dit meer as 15 voet bo die begane grond is.

(v) Veiligheid-B-planke van 9 duim by 1½ duim moet as plinte na aan die platform aan die staanders vasgespyker word van steiers wat meer as 15 voet bo die begane grond is.

(vi) Platforms, of vloere, moet minstens 3 voet breed en van greinhoutplanke van 9 duim by 1½ duim of 12 duim by 1½ duim gemaak wees. Alle oormekaarleggings moet minstens 12 duim en gelyk op die kortelings bevestig wees.

(vii) Alle steiers wat meer as 30 voet hoog is, moet ook diagonaalsgewys versterk word. Die versterkings moet minstens 5 duim in deursnee wees en vasgebind en gekeil word.

C. *Boksteiers.*—Boksteiers mag nie binne of buite tot 'n groter hoogste as 16 voet opgerig word nie. Die bokke moet op hoogstens 8 voet van mekaar gesenter wees met 'n vloer van 9 duim by 1½ duim.

D. *Waaiersteier.*—Waaiersteier wat uit 6 duim by 2 duim draers gemaak is, moet aan staanders bevestig wees, met planke van 9 duim by 1½ duim diggetimmer wees, en minstens drie voet van die steiervoorkant uitsteek. Sterk ogiesdraad kan in die plekke wat vir lig nodig is, aangebring word.

E. *Daksteier.*—Op alle aflopende dakke moet planke vir vastrap voorsien word.

F. *Staalsteier.*—Staalsteiers moet ooreenkomstig die fabrikant, of leweransier se voorskrifte opgerig word.

13. Skuilplek vir nat weer.

Op alle terreine waar bouwerksaamhede uitgevoer word, moet werkgewers geskikte akkommodasie verskaf waar werknemer gedurende nat weer skuiling kan vind.

14. Latrines.

Werkgewers moet op alle werke afsonderlike sanitêre gemakke vir blankes en nie-blankes verskaf, en waar ook al rioolpunte bestaan, moet latrines daaraan aangesluit word voordat die werk begin en moet hulle aan die betrokke munisipale verordenings beantwoord. In gevalle waar ander stelsels gebruik moet word, moet behoorlike en daelikse toesig uitgeoefen word om reinheid te verseker.

15. Verversings.

Elke werkgewer moet 'n persoon verskaf wat in die oggend, die middag en die namiddag tee vir sy werknemers kan maak. Die teepouse mag nie langer as 10 minute duur nie en geen werknemer mag vir die oggend- of namiddagtee die plek waar hy dan aan die werk is, verlaat nie.

16. Vrystellings.

(1) Die Raad kan aan enige persoon of persone, vir enige en voldoende rede, skriftelike vrystelling van enigeen van die bepalings van hierdie Ooreenkoms verleen.

(2) Die Raad het die bevoegdheid om die tydperk waarvoor en die voorwaardes waarop die vrystelling van krag sal wees, vas te stel.

(3) 'n Vrystellingsertifikaat wat deur die Voorsitter, of die Sekretaris, van die Raad geteken is, moet aan elke persoon wat vrystelling verleen word, uitgereik word.

(4) 'n Vrystellingsertifikaat kan te enige tyd gedurende die tydperk waarvoor dit uitgereik is, sonder opgaaf van redes deur die Raad gewysig of herroep word.

17. Uitgawes van die Raad.

(1) Om te soorsien in die uitgawes van die Raad, moet elke werkgewer—

(i) 1d. per week aftrek van die loon van elke ongeskoolde arbeider in sy diens;

(ii) 1d. per week aftrek van die loon van elke bediener van 'n hystoestel, konkreetmenger, mortel- of soortgelyke masjien in sy diens;

(iii) 2d. per week aftrek van die loon van elke bestuurder van 'n meganiese voertuig, of 'n stoomwa en elke bediener van 'n skuurpapiermasjien en draaiskuurskyfmasjien in sy diens;

(iv) 6d. per week aftrek van die loon van elke persoon in sy diens vir wie in paragraaf (*g*) van subklousule 1 van klousule 4 van hierdie Ooreenkoms lone voorgeskryf word;

en by die bedrag wat aldus afgetrek word, moet die werkgewer 'n gelyke bedrag voeg en die bedrae wat aldus afgetrek en bygevoeg is, moet deur die werkgewer aan die Raad uitbetaal word ooreenkomstig die manier soos voorgeskryf in subklousule (2) hiervan, met dien verstande dat die bepalings van die klousule nie van toepassing is op 'n werknemer wat minder as drie dae in 'n week vir dieselfde werkgewer gewerk het nie.

(2) Al die bedrae wat ooreenkomstig die bepalings van subklousule (1) van hierdie klousule betaalbaar is, moet, tesame met 'n staat wat die getal werknemers in diens en hul vakke, op of voor die sewende dag van elke maand deur die werkgewer aan die Sekretaris van die Raad gestuur word.

(3) As 'n werkgewer wat ingevolge klousule 18 van hierdie Ooreenkoms geregistreer is, gedurende enige maand geen werknemers het van wie kortings ingevolge hierdie klousule afgetrek moet word nie, moet hy die Raad daarvan skriftelik in kennis stel op of voor die sewende dag van die volgende maand.

18. Registration of Employers.

(1) Every employer in the building industry at the date on which this Agreement comes into operation, shall, within one month, register with the Council and furnish to the Council the following particulars:—

(i) Trading name.
(ii) Names of proprietor, partners or directors.
(iii) Business address.
(iv) Trade or trades in industry carried on.
(v) Situation of workshop and/or yard.

(2) Employers entering the industry after the date on which this Agreement comes into operation shall register with the Council and furnish the particulars required by sub-clause (1) hereof within one month of commencing operations.

(3) A certificate of registration signed by the Chairman or Secretary of the Council shall be issued to each employer registered.

(4) Every registered employer shall forthwith notify the Council, in writing, of any change in the particulars furnished on registration.

19. Notice Board.

Every employer and all employers working in partnership shall, wherever building operations are being carried out by him or them display in a conspicuous place accessible to the public, a notice board of a size not less than 2 feet by 1½ feet, or a notice board approved by the Council, showing the name and business address of such employer or partnership; provided any employer carrying out building operations under sub-contract from an employer registered under this Agreement shall be deemed to have complied with this clause, if before commencing such operations, he notifies the Council in writing of the name of the employer for whom the operations are being carried out, the nature of the operations and the situation of the job.

20. Time Sheets.

(1) Every employer shall provide his employees with time sheets at the beginning of each working week, or at the commencement of employment and the employee shall fill in each day the following particulars:—

(*a*) In the case of employees for whom wages are prescribed in paragraph (*g*) of clause 4 (1) of this Agreement (artisans)—

(i) job for which work is being done;
(ii) class of work on which employed;
(iii) time worked on each class of work; and
(iv) number of hours overtime worked and the time of the day such overtime was worked.

(*b*) In the case of employees for whom wages are prescribed in paragraphs (*b*) and (*c*) of clause 4 (1) of this Agreement (drivers of mechanical vehicles)—

(i) time of starting work;
(ii) time off for meals;
(iii) time of finishing work;
(iv) total number of hours worked:

(*c*) In the case of employees for whom wages are prescribed in paragraph (*a*) of clause 4 (1) of this Agreement (unskilled labourers)—

(i) job for which work is being done;
(ii) time worked;

Provided that any other system of time recording approved by the Council may be substituted for weekly time-sheets.

(2) Each employee shall deliver to his employer at the end of each working week, or at the termination of employment his time sheet, and such time sheet shall be retained by the employer for a period of at least 12 months.

(3) The requirements of this clause are additional to the requirements of the regulations under the Industrial Conciliation Act.

21. Annual Leave and Public Holidays.

(1) No work shall be performed in the Industry on New Year's Day, Good Friday, ~~May Day~~ Easter Monday or Christmas Day or during the periods—

(*a*) from finishing time on Wednesday, 22nd December, 1948, to starting time on Monday, 10th January, 1949;
(*b*) from finishing time on Thursday, 22nd December, 1949, to starting time on Tuesday, 10th January, 1950;
(*c*) from finishing time on Thursday, 21st December, 1950, to starting time on Tuesday, 9th January, 1951;
(*d*) from finishing time on Friday, 21st December, 1951, to starting time on Wednesday, 9th January, 1952.

(2) No employer shall require an employee to perform and no employee shall perform any work in the industry during the holiday period prescribed in sub-clause (1) nor on the holidays referred to in that sub-clause.

(3) The annual leave and public holidays due to an employee shall be paid for in accordance with the provisions of this clause.

18. Registrasie van werkgewers.

(1) Elke werkgewer in die bounywerheid op die datum waarop hierdie Ooreenkoms in werking tree, moet binne een maand by die Raad registreer en die volgende besonderhede aan die Raad verstrek:—

(i) Naam waaronder besigheid gedryf word.
(ii) Name van eienaars, vennote of direkteure.
(iii) Besigheidsadres.
(iv) Bedryf of bedrywe wat in die nywerheid uitgeoefen word.
(v) Ligging van werkwinkel en/of werf.

(2) Werknemers wat na die datum waarop hierdie Ooreenkoms in werking tree in die nywerheid kom, moet binne een maand nadat hulle besigheid begin het, by die Raad registreer en die besonderhede wat ingevolge subklousule (1) hiervan vereis word, verstrek.

(3) 'n Sertifikaat van Registrasie wat deur die Voorsitter of die Sekretaris van die Raad geteken is, moet aan elke geregistreerde werkgewer uitgereik word.

(4) Elke geregistreerde werkgewer moet die Raad onmiddellik skriftelik in kennis stel van enige verandering wat in die besonderhede wat by registrasie verstrek is, plaasvind.

19. Kennisgewingbord.

Elke werkgewer en alle werkgewers wat in vennootskap werk, moet oral waar deur hom of hulle bouwerksaamhede uitgevoer word, op 'n opvallende plek, toeganklik vir die publiek, 'n kennisgewingbord van minstens 2 voet by 1½ voet, of 'n kennisgewingbord wat deur die Raad goedgekeur is, aanbring, wat die naam en besigheidsadres van daardie werkgewer of vennootskap vermeld: met dien verstande dat dit beskou sal word dat elke werkgewer wat bouwerksaaml verrig onder subkontrak van 'n werkgewer wat ingev hierdie Ooreenkoms geregistreer is, aan hierdie subklou voldoen het, as hy, voordat hy met daardie werksaamhede begin, die Raad skriftelik in kennis stel van die naam van die werkgewer vir wie die werksaamhede verrig word, die aard van die werksaamhede en die ligging van die werk.

20. Tydstate.

(1) Elke werkgewer moet aan die begin van elke werkweek, of by die begin van die diens, sy werknemers voorsien van tydkaarte en die werknemer moet elke dag die volgende besonderhede invul:—

(*a*) In die geval van werknemers vir wie in paragraaf (*g*) van klousule 4 (1) van hierdie Ooreenkoms (vakmanne), lone voorgeskryf word—

(i) die werk waarvoor die werk verrig is;
(ii) die klas werk wat deur die werknemer verrig is;
(iii) die tyd wat aan elke klas werk bestee is; en
(iv) die getal ure wat oortyd gewerk is en die tyd van die dag waarop sodanige oortyd gewerk is.

(*b*) In die geval van werknemers vir wie in paragrawe (*b*) en (*c*) van klousule 4 (1) van hierdie Ooreenkoms (bestuurders van meganiese voertuie), lone voorgeskryf word—

(i) die begintyd van die werk;
(ii) tyd wat vir maaltye afgeneem is;
(iii) die stakingstyd van die werk;
(iv) totale getal ure wat gewerk is;

(*c*) In die geval van werknemers vir wie in paragraaf van klousule 4 (1) van hierdie Ooreenkoms (ongeskoarbeiders) lone voorgeskryf word—

(i) die werk waarvoor die werk verrig is;
(ii) die tyd wat gewerk is;

met dien verstande dat elke ander stelsel van tydaantekening wat deur die Raad goegekeur is, in plaas van die weeklikse tydkaarte toegepas kan word.

(2) Elke werknemer moet aan die einde van elke werkweek, of by diensbeëindiging, sy tydkaart by die werkgewer inlewer en die werkgewer moet daardie tydkaart vir 'n tydperk van minstens 12 maande bewaar.

(3) Die vereistes van hierdie klousule is bo en behalwe die vereistes van die regulasies ingevolge die Nywerheid-versoeningswet.

21. Jaarlikse verlof en publieke vakansiedae.

(1) Geen werk mag op Nuwejaarsdag, Goeie-Vrydag, Meidag of Kersdag, of gedurende die ondergenoemde tydperke in die bounywerheid verrig word nie:—

(*a*) Vanaf die stakingstyd op Woensdag, 22 Desember 1948, tot die begintyd op Maandag, 10 Januarie 1949;
(*b*) vanaf die stakingstyd op Donderdag, 22 Desember 1949, tot die begintyd op Dinsdag, 10 Januarie 1950;
(*c*) vanaf die stakingstyd op Donderdag, 21 Desember 1950, tot die begintyd op Dinsdag, 9 Januarie 1951;
(*d*) vanaf die stakingstyd op Vrydag, 21 Desember 1951, tot die begintyd op Woensdag, 9 Januarie 1952.

(2) Geen werkgewer kan van 'n werknemer vereis om gedurende die verloftydperk wat in subklousule (1) voorgeskryf word, of op die vakansiedae waarna in daardie subklousule verwys word, werk te verrig nie en geen werknemer mag gedurende daardie tye werk verrig nie.

(3) Die jaarlikse verlof en publieke vakansiedae wat aan 'n werknemer verskuldig is, moet vir betaal word ooreenkomstig die bepalings van hierdie klousule.

(4) Each employer shall pay to the Secretary of the Council in respect of each member of the following classes of employees employed by him the amounts set forth hereunder:—

Classes of Employee.	Amount. Per Day. s. d.
(a) Unskilled labourer other than a casual unskilled labourer	0 6
	Per Hour. s. d.
or, when the hours worked in a day are less than his ordinary working hours	0 0½
(b) Driver of a mechanical vehicle or steam wagon	0 2
(c) Operator of sandpapering or spinning machine	0 2
(d) Operator of hoist, concrete mixer, mortar or similar machine	0 1½
(e) Learners	0 2
NOTE.—This amount is laid down in Government Notice No. 671 of 28th March, 1947, and is subject to amendment.	
	Per Day. s. d.
(f) Employees in all other trades and occupations other than an apprentice or a minor during the probationary period under the Apprenticeship Act, 1944	2 6
	Per Hour. s. d.
or, when the hours worked in a day are less than the ordinary working hours	0 3

(5) The amounts referred to in sub-clause (4) shall be paid in respect of each completed day or of each hour or part of an hour, as the case may be, worked during the week; Provided—

(a) that no contribution shall be made in respect of overtime or hours worked on a Sunday or on the public holidays referred to in sub-clause (1);

(b) that for time worked during the period between the last pay day in November each year and the commencement of the holiday period for that year the amounts payable shall be included in the payments for the ensuing year;

(c) that fractions of 6d. in the total amount payable in respect of any employee shall be paid to the employee with his weekly remuneration; and

(d) at the request of the employee the amounts which are to be paid to the Council in terms of sub-clause (4) hereof may be increased by a deduction from his wages.

(6) Each employer shall pay to each apprentice in his employ on the last day prior to the commencement of the holiday period referred to in sub-clause (i) hereof the wages which such apprentice would have earned if he had continued to work for his employer during the said holiday period. An apprentice who is required to work on Good Friday or EASTER MONDAY shall be paid not less than his ordinary rate of remuneration in respect of the total period worked on such day in addition to his ordinary weekly remuneration.

(7) The amounts paid to the Council in terms of this clause shall be retained by the Council on behalf of the employees concerned and shall be paid into a fund to be known as the "Building Industry Holiday Fund". The Council shall issue to employers stamps for all amounts so paid.

(8) The employer shall, in respect of the amounts to be paid by him to the Council in terms of this clause, issue to each of the employees concerned on each pay day stamps with his name and the date endorsed thereon to the value of such contributions and each employee shall affix such stamps in a contribution book to be obtained from the Secretary of the Council and retained by him; provided that in the case of an unskilled labourer, an operator of a hoist, concrete mixer, mortar or similar machine, the employer shall affix such stamps in each such employee's contribution book and shall retain such contribution book until the last pay day in November of each year or until termination of such employee's service when he shall hand it over to his said employee.

(9) Each contribution book issued by the Council to employees for—

(a) whom wages are prescribed in clause 4 (1) (g), shall contain two detachable coupons to enable him to obtain certain payment from the holiday fund in respect of Good Friday and EASTER MONDAY on the pay day for the respective weeks in which these holidays fall. The coupons shall be in such form as may be decided by the Council and each coupon shall bear a number corresponding with the number of the employee's contribution book and shall stipulate the amount to be paid to the employee in respect of one day's pay and the minimum value of stamps that must be in his book to entitle the employer to make payment;

(4) Elke werkgewer moet ten opsigte van elke lid van die volgende klasse werknemers in sy diens, die ondergenoemde bedrae aan die Sekretaris van die Raad betaal:—

Klas werknemer.	Bedrag. Per dag. s. d.
(a) Ongeskoolde arbeider, maar nie 'n los ongeskoolde arbeider nie	0 6
	Per uur. s. d.
of, as die ure wat op 'n dag gewerk word minder is as sy gewone werkure	0 0½
(b) Bestuurder van 'n meganiese voertuig of stoomwa	0 2
(c) Bediener van 'n skuurpapier- of draaiskuurskyfmasjien	0 2
(d) Bediener van 'n hystoestel, konkreetmenger, mortel- of soortgelyke masjien	0 1½
(e) Leerlinge	0 2
LET WEL.—Hierdie bedrag is vasgestel in Goewermentskennisgewing No. 671 van 28 Maart 1947 en is aan wysiging onderhewig.	
	Per dag. s. d.
(f) Werknemers in alle ander vakke en beroepe, uitgesonderd vakleerlinge of 'n minderjarige gedurende die proeftydperk ingevolge die Wet op Vakleerlinge, 1944	2 6
	Per uur. s. d.
of, as die ure wat op 'n dag gewerk word minder as sy gewone werkure is	0 3

(5) Die bedrae waarna in subklousule (4) verwys word, moet ten opsigte van elke volle dag, of, na gelang van die geval, van elke uur of gedeelte van 'n uur wat gedurende die week gewerk is, betaal word; met dien verstande dat—

(a) dat nie ten opsigte van oortyd, of ure wat op Sondag, of op die publieke vakansiedae wat in subklousule (1) genoem word, gewerk is, bydraes betaalbaar is nie;

(b) dat vir die tyd wat gedurende die tydperk tussen die laaste betaaldag in November van elke jaar en die aanvang van die verloftydperk vir daardie jaar, gewerk is, die bedrae wat betaalbaar is in die betalings vir die daaropvolgende jaar ingesluit moet word;

(c) dat breuke van 6d. in die totale bedrag wat ten opsigte van 'n werknemer betaalbaar is, tesame met sy weeklikse besoldiging aan die werknemer uitbetaal moet word;

(d) dat op versoek van die werknemer die bedrae wat aan die Raad betaal moet word kragtens subklousule (4) hiervan, deur 'n aftrekking van sy lone verhoog kan word.

(6) Elke werkgewer moet aan elke vakleerling in sy diens op die laaste betaaldag voor die aanvang van die verloftydperk waarna in subklousule (i) hiervan verwys word, die loon uitbetaal wat daardie vakleerling sou verdien as hy gedurende die genoemde verloftydperk vir sy werkgewer bly werk. 'n Vakleerling van wie vereis word om op Goeie-Vrydag, of Meidag, te werk, moet ten opsigte van die totale tydperk wat op daardie dag gewerk word bo en behalwe sy gewone weekloon minstens teen sy gewone skaal van besoldiging betaal word.

(7) Die bedrae wat ingevolge hierdie klousule aan die Raad betaal word, moet deur die Raad ten behoewe van die betrokke werknemers bewaar word en in 'n fonds, wat bekend sal staan as die "Building Industry Holiday Fund" gestort word. Die Raad moet aan werknemers seëls verstrek vir al die bedrae wat aldus gestort word.

(8) Die werkgewer moet ten opsigte van die bedrae wat deur hom aan die Raad betaal is ooreenkomstig hierdie klousule, aan elk van sy betrokke werknemers op elke betaaldag seëls, met sy naam en die datum daarop afgetekon, uitreik vir die waarde van sodanige bydraes en elke werknemer moet daardie seëls in 'n bydraeboekie, wat van die Sekretaris van die Raad verkry kan word, inplak en die boekie self bewaar: met dien verstande dat in die geval van 'n ongeskoolde arbeider, en bediener van 'n hystoestel, konkreetmenger, mortel- of soortgelyke masjien, die werkgewer daardie seëls in elke sodanige werknemer se bydraeboekie moet plak en daardie bydraeboekie moet bewaar tot die laaste betaaldag in November van elke jaar, of tot die diensbeëindiging van daardie werknemer, in welke geval hy dit aan sy genoemde werknemer moet oorhandig.

(9) (a) Elke bydraeboekie wat deur die Raad uitgereik word aan werknemers vir wie in klousule 4 (1) (g) lone voorgeskryf word, moet twee afskeurbare koepons bevat wat hom in staat sal stel om ten opsigte van Goeie-Vrydag en Meidag, op die betaaldag van die betrokke week waarin daardie vakansiedae val, sekere betalings uit die Verloffonds te ontvang. Die koepons moet in die vorm wees wat deur die Raad vasgestel word en elke koepon moet 'n nommer dra wat met die nommer van die werknemer se bydraeboekie ooreenstem en moet die bedrag wat ten opsigte van een dag se loon aan die werknemer uitbetaal kan word, vermeld en ook die minimum waarde van die seëls wat sy boekie moet bevat om die werkgewer te magtig om hom uit te betaal.

5.

(*b*) an employee desiring to obtain payment of a coupon referred to in paragraph (*a*) of this sub-clause shall sign his usual signature thereon and hand the coupon to his employer on the first working day following the holiday in respect of which the coupon is issued and at the same time exhibit his contribution book to enable the employer to satisfy himself that the value of stamps therein are not less than the value stipulated on the coupon;

(*c*) on a employee complying with the requirements of paragraph (*b*) of this sub-clause, his employer, provided he is satisfied that the number of the coupon corresponds with the number of the said book, shall pay to the employee with his wages on the pay day in respect of the week in which the holiday falls, the amount shown on the coupon for one day's pay, provided that no payment shall be made on any coupon if the value of the stamps in the employee's contribution book is less than the value stipulated on the coupon and in such event the signed coupon shall be handed back to the employee;

(*d*) The Council shall pay, from the holiday fund, to an employer the amount of all coupons paid by him in terms of this sub-clause provided such coupons, with the name of the employer thereon, are surrendered to the Council not later than the 30th May of the year in respect of which they are issued;

(*e*) any money paid by the Council in respect of coupons cashed by an employee in terms of this sub-clause shall be deducted by the Council from the value of stamps in his contribution book when ascertaining the amount due to him as provided in sub-clause (11) of this clause.

10. Application for a contribution book shall be made by the employee on a form to be obtained form the Council and completed by the employee setting out the employee's full name, address and occupation and bearing his usual signature. A charge of 1s. per book shall be made to the employee.

11. The stamps referred to in sub-clause (8) shall be obtained by the employer from the Council and an adequate reserve thereof shall at all times be maintained by the employer provided that an employer may obtain a refund from the Council of the value of any unused stamps.

12. As early as possible after the last pay day in November of each year, and not later than one week thereafter each employee shall deposit his contribution book with the Secretary of the Council in exchange for a receipt card, and the Council shall ascertain the amount due to the employee as reflected by the value of the stamps affixed in his contribution book, and pay to the employee such amount less payments, if any, made by the Council in terms of sub-clause (9) of this clause on a date to be decided by the Council but not later than the day prior to the commencement of the holiday period.

Unless otherwise authorised by the Council payment shall be made by cheque in favour of the employee and no order or authority for payment to any other person will be recognised.

13. The Council shall not be liable to make payment in respect of any stamps issued to employees in terms of sub-clause (8) of this clause unless such stamps are affixed in a contribution book obtained from the Council.

14. Subject to the provisions of sub-clause (9) of this clause, no employee shall be entitled to claim payment from the Council of the value of any stamps received by him before the date mentioned in sub-clause (12) of this clause. In the case of the death of an employee the amount due to him from the aforesaid fund shall be paid into his estate on his contribution book being lodged with the Council.

15. Any amounts held by the Council to the credit of the Building Industry Holiday Fund, may be invested by the Council from time to time on fixed deposit or on call with a bank or building society, and any interest accruing from such investments shall be the sole property of the Council as recompense for the administration of the fund. No employer or employee shall have any claim in respect of such interest and neither shall they be responsible for any contribution towards the expenses of administering the fund.

16. The contribution books and stamps issued to employees are not transferable and cannot be ceded or pledged. Stamps acquired by any person otherwise than in terms of this Agreement may be confiscated by the Council for the benefit of the funds of the Council.

22. Trade Unions' Representatives of the Council.

Each employer shall give to any of his employees who are representatives on the Council every reasonable facility to attend to their duties in connection with the work of the Council.

(*b*) 'n Werknemer wat uitbetaling van 'n koepon waarna in paragraaf (*a*) van hierdie subklousule verwys word, wens te verkry, moet sy gewone handtekening daarop plaas en die koepon aan sy werkgewer oorhandig op die eerste werkdag wat volg op die vakansiedag waarvoor die koepon uitgereik is en terselfdertyd sy kontribusieboekie vertoon om die werkgewer in staat te stel om hom te oortuig dat die waarde van die seëls wat daarin geplak is nie minder as die gestipuleerde waarde op die koepon is nie.

(*c*) As 'n werknemer voldoen aan die vereistes van paragraaf (*b*) van hierdie klousule, moet die werkgewer, mits hy hom oortuig het dat die nommer van die koepon met die nommer van die genoemde bydraeboekie ooreenstem, tesame met sy loon op die betaaldag ten opsigte van die week waarin die vakansiedag val, die werknemer die bedrag vir een dag se loon wat op die koepon verskyn, uitbetaal, met dien verstande dat geen betaling teen enige koepon gedoen word nie as die waarde van die seëls in die werknemer se bydraeboekie kleiner is as die waarde wat op die koepon vermeld staan, en in daardie geval moet die getekende koepon aan die werknemer teruggegee word.

(*d*) Die Raad moet 'n werkgewer die bedrag van al die koepons wat deur hom ooreenkomstig hierdie subklousule betaal is, uit die Verloffonds uitbetaal: met dien verstande dat daardie koepons met die naam van die werkgewer daarop, nie later as die 30ste Mei van die jaar ten opsigte waarvan hulle uitgereik is, aan die Raad oorhandig word nie.

(*e*) Alle gelde wat deur die Raad betaal word ten opsigte van koepons wat deur 'n werknemer ingewissel is ooreenkomstig hierdie subklousule, moet deur die Raad van die waarde van die seëls in sy bydraeboekie afgetrek word vir vasstelling van die bedrag wat ooreenkomstig subklousule (11) van hierdie klousule aan hom verskuldig is.

(10) Versoek om 'n bydraeboekie moet deur die werkne gedoen word op 'n vorm wat van die Raad verkrygbaa en dit moet deur die werknemer ingevul word met die werknemer se volle naam, adres en beroep en sy gewone handtekening. Die koste van 1s. per boekie moet deur die werknemer betaal word.

(11) Die seëls waarna in subklousule (8) verwys word, moet deur die werkgewer van die Raad verkry word en die werkgewer moet daarvan steeds 'n voldoende aantal in voorraad hou: met dien verstande dat 'n werkgewer van die Raad terugbetaling van die waarde van ongebruikte seëls kan ontvang.

(12) Elke werknemer moet so spoedig as moontlik na die laaste betaaldag in November van elke jaar, en nie later as 'n week daarna nie, sy bydraeboekie aan die Sekretaris van die Raad oorhandig teen afgifte van 'n ontvangbewys en die Raad moet die bedrag vasstel wat aan die werknemer verskuldig is soos aangetoon deur die waarde van die seëls wat in sy bydraeboekie geplak is en moet die werknemer daardie bedrag min betalings, indien enige, wat deur die Raad ooreenkomstig subklousule (9) van hierdie klousule gedoen is, uitbetaal op 'n datum wat deur die Raad vasgestel word, maar nie later as die dag voor die aanvang van die verloftydperk nie.

Tensy andersins deur die Raad gemagtig, moet betaling geskied per tjek op naam van die werknemer en geen order of magtiging vir betaling aan enige ander persoon sal er word nie.

(13) Die Raad is nie vir betaling van seëls wat aan werknemers uitgereik is ooreenkomstig subklousule (8) van hierdie klousule aanspreeklik nie, tensy daardie seëls in 'n bydraeboekie wat van die Raad verkry is, ingeplak is.

(14) Behoudens soos bepaal in subklousule (9) van hierdie klousule, het geen werknemer die reg om van die Raad betaling van die waarde van seëls wat hy voor die datum wat in subklousule (12) van hierdie klousule genoem word, ontvang het te eis nie. In die geval van die dood van 'n werknemer, moet die bedrag wat aan hom uit die voornoemde Fonds verskuldig is, aan sy boedel uitbetaal word teen oorhandiging van sy bydraeboekie aan die Raad.

(15) Alle bedrae wat deur die Raad op krediet van die „Building Industry Holiday Fund" gehou word, kan deur die Raad van tyd tot tyd op vaste deposito, of teen onmiddellike opvraging, by 'n bank of boumaatskappy belê word, en alle rente wat uit daardie beleggings gekweek word, is die uitsluitlike eiendom van die Raad as vergoeding vir die administrasie van die Fonds. Geen werkgewer of werknemer het enige aanspraak op sodanige rente nie, en ewemin is hulle verantwoordelik vir enige bydrae aan die uitgawes aan die administrasie van die Fonds nie.

(16) Die bydraeboekies en seëls wat aan werknemers uitgereik word, is nie oordraagbaar en kan nie gesedeer of verpand word nie. Seëls wat deur enige persoon op 'n ander wyse as ooreenkomstig hierdie Ooreenkoms verkry is, kan deur die Raad ten bate van die Fonds verbeurd verklaar word.

22. Vakverenigingverteenwoordigers op die Raad.

Elke werkgewer moet aan enigeen van sy werknemers wat verteenwoordigers op die Raad is alle redelike fasiliteite verleen om hul werk in verband met die Raad se werksaamhede te verrig.

23. AGENTS.

The Council shall appoint one or more persons as agents to assist in giving effect to the terms of this Agreement.

(1) An agent shall have the right to—

(*a*) enter any premises or place in which the Building Industry is carried on at any time when he has reasonable cause to believe that any person is employed therein;

(*b*) orally examine, either alone or in the presence of any other persons, as he thinks fit with respect to matters relating to this Agreement, every person whom he finds in or about the premises or place and require such persons to answer the questions put;

Verpleegstersraad vir die tydperk eindigende 7 November 1951, kragtens die bepalings van paragraaf (*b*) van subartikel (1) van artikel *drie* van die Wet, aangestel is in die plek van dr. W. Russell, Kommissaris van Geesteshigiëne, wat bedank het.

HENRY GLUCKMAN,
Minister van Gesondheid.

DEPARTMENT OF COMMERCE AND INDUSTRIES.

✱ No. 873.] [30 April 1948.

In pursuance of the requirements of section *thirteen* of the Merchandise Marks Act, 1941 (Act No. 17 of 1941), it is hereby notified for general information that the Standards Council of the South African Bureau of Standards has applied for the prohibition, in terms of section *fifteen* (1) of the said Act, of the use of the marks—

(*a*)

(*b*)

in connection with any trade, business or occupation, except by or under the authority of the Standards Council in respect of its specifications for the marking of articles made of gold and of silver.

The marks represented are (*a*) a natural springbok's head, inserted in the letter " U ", for the marking of articles made of gold and (*b*) a natural lion's head, full facing, inserted in the letter " U ", for the marking of articles made of silver.

Interested persons are invited to submit such representations as they may care to make in the matter to the Secretary for Commerce and Industries, 216 Central Street, Pretoria, to reach him on or before 23rd July, 1948.

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID.

✱ No. 873.] [30 April 1948.

Ingevolge artikel *dertien* van die Handelswaremerkewet, 1941 (Wet No. 17 van 1941), word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat die Raad vir Standaarde van die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde aansoek gedoen het om die verbod kragtens artikel *vyftien* (1) van genoemde Wet, op die gebruik van die merke—

(*a*)

(*b*)

in verband met enige handel, besigheid, beroep of bedryf behalwe deur of op gesag van die Raad vir Standaarde ten opsigte van sy voorskrif vir die merk van artikels uit goud en silwer vervaardig.

Die voorgestelde merke is (*a*) 'n natuurlike springbokkop binne die letter ,, U " vir die merk van artikels uit goud vervaardig en (*b*) 'n natuurlike leeukop, vooraansig, binne die letter ,, U " vir die merk van artikels uit silwer vervaardig.

Belangstellendes word versoek om enige vertoë in hierdie verband te rig aan die Sekretaris van Handel en Nywerheid, Sentraalstraat 216, Pretoria, sodat dit hom voor of op 23 Julie 1948 bereik.

✱ No. 900.] [30 April 1948.

It is hereby notified for general information that anyone, whether a manufacturer or not, may make written application to the Minister of Economic Development for any goods or classes of goods to be subjected to the provisions of section *ten* (1) (*a*) of the Merchandise Marks Act, No. 17 of 1941, under which the Minister may prohibit the importation into or sale in the Union of goods of any class or description, unless such goods are clearly marked with their country of origin.

Every such application will be investigated, the action taken (if any) depending on the results of such investigation.

✱ No. 900.] [30 April 1948.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat enigeen, of hy 'n vervaardiger is of nie, skriftelik by die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling aansoek daarom kan doen dat enige ware of kategorieë ware onderworpe gemaak word aan die bepalings van artikel *tien* (1) (*a*) van die Handelswaremerkewet, 1941, No. 17 van 1941, waarkragtens die Minister 'n verbod kan plaas op die invoer of verkoop in die Unie van ware van enige kategorie of soort tensy die land van herkoms duidelik op die ware gemerk is.

Al sulke aansoeke sal ondersoek word, en die stappe wat gedoen sal word, sal afhang van die uitslag van die ondersoek.

GENERAL NOTICES.

DEPARTMENT OF LANDS.

The following notices are published for general information:—

T. DE SMIDT,
Surveyor-General.

Surveyor-General's Office,
Cape Town.

NOTICE No. 280 OF 1948.

CROWN LAND SURVEYS (CAPE).

Notice is hereby given under sub-section (1) of section *seventeen* of Act No. 9 of 1927, that the undermentioned diagrams of Crown Land are lying for inspection at the office of the Surveyor-General, Cape Town, and that, if no objection to the said diagrams or to any beacon or boundary adopted in the surveys is received before the 7th June, 1948, the diagrams will be approved under the provisions of sub-section (1) (*c*) of section *three* of the Act.

Diagram No. *Kaart No.*	Description of Land. *Beskrywing van Grond.*	Situation. *Ligging.*	Division. *Afdeling.*	Area. *Grootte.*
333/48.....	Lot/*Perseel* "RES".....	Bounded by Lots Nos. 85, 86 and 80 of Riversdale Settlement, Oakdale No. 2a, Vette Rivier Lot Ba and Lot B/*Begrens deur Persele Nos. 85, 86 en 80 van Riversdal-nedersetting, Oakdale No. 2a, Vette Rivier Perseel Ba en Perseel B*	Riversdale/ *Riversdal*	38·6856 morgen/*morg.*
907/48.....	Lot/*Perseel* "J.M.".....	Bounded by Land (Stel. Q.2–7), Lot B of Part of Knoorhoek, Land (Stel. Q.1-11) and Remainder of Schoongezicht/*Begrens deur Grond (Stel. Q.2–7), Perseel B van Gedeelte van Knoorhoek, Grond (Stel. Q.1-11) en Restant van Schoongezicht.*	Stellenbosch....	1·2823 morgen/*morg.*
241/48.....	Erf No. 128.....	Bounded by Crown Land and Lots Nos. 8 and 124: Local Board Area of Kei Mouth/ *Begrens deur Kroongrond en Persele Nos. 8 en 124: Plaaslike Bestuursgebied Keimond*	Komgha.....	1,891 sq. ft./*vk. vt.*

9-16-23-30

NOTICE No. 317 OF 1948.

CROWN LAND SURVEY (CAPE).

Notice is hereby given under sub-section (1) of section *seventeen* of Act No. 9 of 1927, that the undermentioned diagram of Crown Land is lying for inspection at the office of the Surveyor-General, Cape Town, and that if no objection to the said diagram or to any beacon or boundary adopted in the survey is received before the 21st June, 1948, the diagram will be approved under the provisions of sub-section (1) (*c*) of section *three* of the Act.

Diagram No. *Kaart No.*	Description of Land. *Beskrywing van grond.*	Situation. *Ligging.*	Municipality and Division. *Munisipaliteit en afdeling.*	Area. *Grootte.*
897/48.....	Lot/*Perseel* "Gaol".....	Bounded by "Gaol Site", Diggers and Ruby Streets and Lots Nos. 167, 168A, 169A and 170/*Begrens deur "Gaol Site", Diggers- en Rubystraat en Persele Nos. 167, 168A, 169A en 170*	Barkly West/*Barkly-Wes*....	31,861 sq. ft./*vk. vt.*

23-30-7-14

✱ NOTICE No. 345 OF 1948.

CROWN LAND SURVEYS, NATAL.

The following notice is hereby published for general information.

M. T. S. VAN NIEKERK,
Surveyor General, Natal.

Surveyor General's Office,
Pietermaritzburg.
15th April, 1948.

Notice is hereby given in terms of sub-section (1) of section *seventeen* of Act No. 9 of 1927, that the undermentioned diagram of Crown Land is lying for inspection in the office of the Surveyor General, Pietermaritzburg, and that if no objection to any beacons or boundaries adopted in the surveys is received on or before the 28th June, 1948, the diagram

ALGEMENE KENNISGEWINGS.

DEPARTEMENT VAN LANDE.

Onderstaande kennisgewings word vir algemene informasie gepubliseer:—

T. DE SMIDT,
Landmeter-generaal.

Kantoor van die Landmeter-generaal,
Kaapstad.

KENNISGEWING No. 280 VAN 1948.

OPMETINGS VAN KROONGROND (KAAP).

Ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *sewentien* van Wet No. 9 van 1927, word hierby bekendgemaak dat ondergenoemde kaarte van Kroongrond op die kantoor van die Landmeter-generaal, Kaapstad, ter insae lê, en dat die kaarte ooreenkomstig die bepalings van subartikel (1) (*c*) van artikel *drie* van die Wet goedgekeur sal word indien geen beswaar teen genoemde kaarte of teen 'n baken of grenslyn wat by die opmetings aangeneem is, voor 7 Junie 1948 ontvang word nie.

Diagram No. *Kaart No.*	Description of Land. *Beskrywing van Grond.*	Situation. *Ligging.*	Division. *Afdeling.*	Area. *Grootte.*
333/48.....	Lot/*Perseel* "RES".....	Bounded by Lots Nos. 85, 86 and 80 of Riversdale Settlement, Oakdale No. 2a, Vette Rivier Lot Ba and Lot B/*Begrens deur Persele Nos. 85, 86 en 80 van Riversdal-nedersetting, Oakdale No. 2a, Vette Rivier Perseel Ba en Perseel B*	Riversdale/ *Riversdal*	38·6856 morgen/*morg.*
907/48.....	Lot/*Perseel* "J.M.".....	Bounded by Land (Stel. Q.2–7), Lot B of Part of Knoorhoek, Land (Stel. Q.1-11) and Remainder of Schoongezicht/*Begrens deur Grond (Stel. Q.2–7), Perseel B van Gedeelte van Knoorhoek, Grond (Stel. Q.1-11) en Restant van Schoongezicht.*	Stellenbosch....	1·2823 morgen/*morg.*
241/48.....	Erf No. 128.....	Bounded by Crown Land and Lots Nos. 8 and 124: Local Board Area of Kei Mouth/ *Begrens deur Kroongrond en Persele Nos. 8 en 124: Plaaslike Bestuursgebied Keimond*	Komgha.....	1,891 sq. ft./*vk. vt.*

9-16-23-30

KENNISGEWING No. 317 VAN 1948.

OPMETING VAN KROONGROND (KAAP).

Ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *sewentien* van Wet No. 9 van 1927, word hierby bekendgemaak dat ondergenoemde kaart van Kroongrond op die kantoor van die Landmeter-generaal, Kaapstad, ter insae lê, en dat die kaart ooreenkomstig die bepalings van subartikel (1) (*c*) van artikel *drie* van die Wet goedgekeur sal word indien geen beswaar teen genoemde kaart of teen 'n baken of grenslyn wat by die opmeting aangeneem is, voor 21 Junie 1948, ontvang word nie.

Diagram No. *Kaart No.*	Description of Land. *Beskrywing van grond.*	Situation. *Ligging.*	Municipality and Division. *Munisipaliteit en afdeling.*	Area. *Grootte.*
897/48.....	Lot/*Perseel* "Gaol".....	Bounded by "Gaol Site", Diggers and Ruby Streets and Lots Nos. 167, 168A, 169A and 170/*Begrens deur "Gaol Site", Diggers- en Rubystraat en Persele Nos. 167, 168A, 169A en 170*	Barkly West/*Barkly-Wes*....	31,861 sq. ft./*vk. vt.*

23-30-7-14

✱ KENNISGEWING No. 345 VAN 1948.

OPMETING VAN KROONGROND, NATAL.

Onderstaande kennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

M. T. S. VAN NIEKERK,
Landmeter-generaal, Natal.

Kantoor van die Landmeter-generaal, Natal,
Pietermaritzburg.
15 April 1948.

Ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *sewentien* van Wet No. 9 van 1927, word hierby bekendgemaak dat die Kroongrondkaart soos hieronder omskryf, in die kantoor van die Landmeter-generaal, Pietermaritzburg, ter insae lê, en dat, indien geen beswaar teen enige bakens of grenslyne wat in die opmeting aangeneem is, voor of op 28 Junie 1948 ontvang word

will be approved under the provisions of sub-section (1) (*c*) of section *three* of the above-mentioned Act.
-30-7-14-21

nie, die kaart goedgekeur sal word ooreenkomstig die bepalings van subartikel (1) (*c*) van artikel *drie* van die genoemde Wet.

Diagram No. *Kaart No.*	Description of Land. *Beskrywing van grond.*	Situation. *Ligging.*	Division. *Afdeling.*	Area. *Grootte.*
S.G./*L.G.* No. 1747/48	The Farm/*Die plaas* Alor No.....	Adjoining Sub. 1 of Bellevue No. 13190; Sub. 4 of B of Orribe Fontein No. 2040; rem. of B. or Orribe Fontein No. 2040; B. of A. of Orribe Fontein No. 2040; B. of Aletta No. 4203; Pussyfoot No. 13070; A of The Aloes No. 6026 and Umhlumba No. 12482/*Grensende aan onderv. 1 van Bellevue No. 13190; onderv. 4 van B. van Orribe Fontein No. 2040; restant van B. van Orribe Fontein No. 2040; B. van A. van Orribe Fontein No. 2040; B. van Aletta No. 4203; Pussyfoot No. 13070; A. van The Aloes No. 6026 en Umhlumba No. 12482.*	Weenen.....	16·8859 Acres.

MISCELLANEOUS.

✱ NOTICE No. 341 OF 1948.

DEPARTMENT OF MINES.

RESERVATION OF GROUND FOR THE PURPOSE OF A PUBLIC ROAD ON THE FARM GROOTFONTEIN No. 29, DISTRICT PILGRIMS REST.

It is hereby notified that, under the powers vested in him by section *eight* of the Precious and Base Metals Act, 1908 (Act No. 35 of 1908 of the Transvaal), the Mining Commissioner of Pilgrims Rest at Sabie, has reserved, for the purpose of a public road, a strip of proclaimed land, approximately 30 Cape feet wide, situate on portion of the farm Grootfontein No. 29, District Pilgrims Rest, Mining District of Pilgrims Rest, Transvaal Province, as shown on a plan, copies whereof are filed in the Mining Titles Office, Johannesburg, and in the Office of the Mining Commissioner, Pilgrims Rest, at Sabie, under R.M.T. No. 1875. M.M. 99/203.

✱ NOTICE No. 342 OF 1948.

LOWER KAAP IRRIGATION BOARD.—ELECTION OF MEMBERS.

Notice is hereby given that the period of office of Messrs. A. E. Cordes and H. J. Liebenberg, members of the above-mentioned Board, will expire on the 21st day of June, 1948, and that a public court will be held on the 10th day of June, 1948, at 3 p.m. at the National Park Hotel, Kaapmuiden for the election of members to fill the vacancies.

G. N. MORKEL,
Magistrate.

✱ NOTICE No. 343 OF 1948.

NATIVE HIGH COURT OF NATAL. CIRCUIT COURTS.

In terms of Act No. 49 of 1898, and the Rules framed thereunder, it is hereby notified for general information that Circuit Courts will be held during the month of May, 1948, as under:—

At Dundee as from the 3rd May, 1948.
At Eshowe as from the 10th May, 1948.
At Estcourt as from the 12th May, 1948.

Each such Court will sit at the time appointed or as soon thereafter as it can assemble.

JAN D. DAFEL,
Registrar, Native High Court.

Native High Court,
Pietermaritzburg,
20th April, 1948.

DIVERSE.

✱ KENNISGEWING No. 341 VAN 1948.

DEPARTEMENT VAN MYNWESE.

UITHOU VAN GROND VIR DIE DOEL VAN 'N PUBLIEKE PAD OP DIE PLAAS GROOTFONTEIN No. 29, DISTRIK PELGRIMSRUS.

Hierby word bekendgemaak dat die Mynkommissaris van Pelgrimsrus, te Sabie, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel *agt* van die „Precious and Base Metals Act, 1908" (Wet No. 35 van 1908 van Transvaal), 'n strook geproklameerde grond, ongeveer 30 Kaapse voet breed, geleë op 'n gedeelte van die plaas Grootfontein No. 29, distrik Pelgrimsrus, myndistrik Pelgrimsrus, Provinsie Transvaal, soos aangetoon op 'n kaart waarvan afdrukke in die Mynbriewekantoor, Johannesburg, en in die kantoor van die Mynkommissaris, Pelgrimsrus, te Sabie, onder R.M.T. No. 1875 berus, vir die doel van 'n publieke pad uitgehou het. M.M. 99/203.

✱ KENNISGEWING No. 342 VAN 1948.

BESPROEIINGSRAAD LAER KAAP.—VERKIESING VAN LEDE.

Hierby word bekendgemaak dat die ampstyd van die here A. E. Cordes en H. J. Liebenberg as lede van bogenoemde Raad op 21 Junie 1948 verstryk, en dat 'n openbare hofsitting om 3 nm. op 10 Junie 1948, by die National Park Hotel, Kaapmuiden, gehou sal word vir die verkiesing van lede om die vakatures te vul.

G. N. MORKEL,
Magistraat.

✱ KENNISGEWING No. 343 VAN 1948.

NATURELLEHOËHOF, PROVINSIE NATAL. RONDGAANDE HOWE.

Ooreenkomstig Wet No. 49 van 1898 en die reëls ingevolge daarvan opgestel, word hiermee vir algemene informasie bekendgemaak dat Rondgaande Howe gedurende Mei 1948, as volg gehou sal word:—

Te Dundee vanaf 3 Mei 1948.
Te Eshowe vanaf 10 Mei 1948.
Te Estcourt vanaf 12 Mei 1948.

Elke sodanige Hof sal op die vasgestelde tyd gehou word of so spoedig daarna as dit byeen kan kom.

JAN D. DAFEL,
Griffier, Naturellehoëhof.

Naturellehoëhof,
Pietermaritzburg,
20 April 1948.

✱ NOTICE No. 344 OF 1948.

RIET RIVER IRRIGATION SCHEME.

GOVERNMENT RATE FOR THE YEAR ENDING 31ST MARCH, 1949.

It is hereby notified that a Government rate of seventeen shillings and sixpence per morgen has, under the provisions of sub-section (2) of section *seven* of the Irrigation and Conservation of Waters Act, No. 8 of 1912, been levied for the year ending 31st March, 1948, upon all irrigable land scheduled under the Riet River Irrigation Scheme. The rate shall be paid on or before 31st December, 1948. Payment may be made at the offices of the following:—

Receiver of Revenue, Jacobsdal.
Receiver of Revenue, Koffiefontein.
Administration Engineer, *P.O.* Modder River.

A statement of the amount due by each owner will be delivered or posted to him.

It is further notified that if any such rates remain wholly or partly unpaid after 31st December, 1948, the supply of water from the works to the land in respect of which such rates are due may be cut off forthwith.

L. A. MACKENZIE,
Director of Irrigation.

✱ NOTICE No. 346 OF 1948.

SMITSEILAND IRRIGATION BOARD.

Notice is hereby given in terms of paragraphs 9 and 19 of the regulations framed under the provisions of sections *seventy-seven* and *ninety-six* of Act No. 8 of 1912, as amended, that an election of one member of the above-mentioned Board *vice* Mr. J. J. N. Lourens, whose term of office expires on 14th June, 1948, will be held at the homestead of Mr. S. C. Burger, Smitseiland, District Gordonia at 3 p.m. on Tuesday 1st June, 1948.

J. B. MULLER,
Magistrate.

Magistrate's Office,
Upington, 17th April, 1948.

✱ NOTICE No. 347 OF 1948.

RUST-DER-WINTER IRRIGATION SCHEME.

GOVERNMENT RATE FOR THE YEAR ENDING 31ST MARCH, 1949.

It is hereby notified that a Government rate of seventeen shillings and sixpence per morgen has, under the provision of sub-section (2) of section *seven* of the Irrigation and Conservation of Waters Act, No. 8 of 1912, been levied for the year ending 31st March, 1949 upon all irrigable land scheduled under the Rust-der-Winter Irrigation Scheme. The rate shall be paid on or before 31st December, 1948. Payment may be made at the office of the Administration Engineer, Groblersdal or to the Superintendent, Rust-der-Winter.

A statement of the amount due by each owner will be delivered or posted to him.

It is further notified that if any such rates remain wholly or partly unpaid after 31st December, 1948, the supply of water from the works to the land in respect of which such rates are due may be cut off forthwith.

L. A. MACKENZIE,
Director of Irrigation.

✱ KENNISGEWING No. 344 VAN 1948.

BESPROEIINGSKEMA RIETRIVIER.

GOEWERMENTSBELASTING VIR DIE JAAR EINDIGENDE 31 MAART 1949.

Hierby word bekendgemaak dat 'n Goewermentsbelasting van sewentien sjielings en ses pennies per morg kragtens die bepalings van subartikel (2) van artikel *sewe* van die Besproeiings- en Waterbewaringswet, No. 8 van 1912, vir die jaar eindigende 31 Maart 1949 op alle ingelyste besproeibare grond onder die besproeiingskema Rietrivier gehef is. Die belasting moet voor of op 31 Desember 1948 betaal word en betaling kan by die kantore van ondergenoemde amptenare geskied:—

Ontvanger van Inkomste, Jacobsdal.
Ontvanger van Inkomste; Koffiefontein.
Administrasie-ingenieur, Pk. Modderrivier.

'n Staat waarop die verskuldigde bedrag vermeld word, sal aan elke grondeienaar gepos of afgelewer word.

Verder word bekendgemaak dat as die belasting na 31 Desember 1948 geheel of gedeeltelik onbetaald bly, die watertoevoer van die werke na die grond waarop die belasting verskuldig is, onmiddellik afgesluit kan word.

L. A. MACKENZIE,
Direkteur van Besproeiing.

KENNISGEWING No. 346 VAN 1948.

BESPROEIINGSRAAD SMITSEILAND.

Hierby word kragtens paragrawe 9 en 19 van die regulasies opgestel ingevolge artikels *sewe-en-sewentig* en *ses-en-negentig* van Wet No. 8 van 1912, soos gewysig, bekendgemaak dat 'n verkiesing van een lid vir bogenoemde Raad in die plek van mnr. J. J. N. Lourens wie se dienstyd op 14 Junie 1948, verstryk, om 3-uur nm. op Dinsdag 1 Junie 1948, gehou sal word aan die huis van mnr. S. C. Burger, Smitseiland, distrik Gordonia.

J. B. MULLER,
Magistraat.

Magistraatskantoor,
Upington, 17 April 1948.

✱ KENNISGEWING No. 347 VAN 1948.

BESPROEIINGSKEMA RUST-DER-WINTER.

GOEWERMENTSBELASTING VIR DIE JAAR EINDIGENDE 31 MAART 1949.

Hierby word bekendgemaak dat 'n Goewermentsbelasting van sewentien sjielings en ses pennies per morg kragtens die bepalings van subartikel (2) van artikel *sewe* van die Besproeiings- en Waterbewaringswet, No. 8 van 1912, vir die jaar eindigende 31 Maart 1949, op alle ingelyste besproeibare grond onder die besproeiingskema Rust-der-Winter gehef is. Die belasting moet voor of op 31 Desember 1948, betaal word en betaling kan by die kantoor van die Administrasie-ingenieur, Groblersdal, of aan die Superintendent, Rust-der-Winter, geskied.

'n Staat waarop die verskuldigde bedrag vermeld word, sal aan elke grondeienaar gepos of afgelewer word.

Verder word bekendgemaak dat as dié belasting na 31 Desember 1948, geheel of gedeeltelik onbetaald bly, die watertoevoer van die werke na die grond waarop die belasting verskuldig is, onmiddellik afgesluit kan word.

L. A. MACKENZIE,
Direkteur van Besproeiing.

✱ NOTICE No. 348 OF 1948.

The undermentioned particulars of the total stocks held on the 31st December, 1947, by persons licensed to deal in wine or spirits by wholesale in the different provinces of the Union are published for general information in accordance with section *three* (2) of the Wine and Spirits Control Act, 1924 :—

SPIRITS : PROOF GALLONS.

✱ KENNISGEWING No. 348 VAN 1948.

Ondergenoemde besonderhede van die totale voorrade gehou op 31 Desember 1947, deur persone gelisensieer om by die grootmaat in wyn of spiritus handel te dryf in die verskillende provinsies van die Unie, word ooreenkomstig artikel *drie* (2) van die „Wet op de Kontrôle over Wijn en Spiritualiën, 1924", vir algemene inligting gepubliseer :—

SPIRITUS : PROEFGELLINGS.

Description—*Beskrywing.*	Cape—*Kaap.*	Natal.	O.F.S.—*O.V.S.*	Transvaal.
Brandy, maturing under rebate of excise duty (*Brandewyn wat ryp word onder korting van aksynsreg*)	3,754,073	—	—	—
Class A. Brandy (*Brandewyn, Klas A*)	2,555,002	23,234	6,183	143,272
Class B. Brandy (*Brandewyn, Klas B*)	1,087	—	—	—
Class C. Brandy (*Brandewyn, Klas C*)	—	—	—	—

Description—*Beskrywing.*	Cape—*Kaap.*				Natal.				Orange Free State—*Oranje-Vrystaat.*				Transvaal.			
	1947 Vintage. 1947 *Wynoes.*		Previous Vintages. *Vorige Wynoeste.*		1947 Vintage. 1947 *Wynoes.*		Previous Vintages. *Vorige Wynoeste.*		1947 Vintage. 1947 *Wynoes.*		Previous Vintages. *Vorige Wynoeste.*		1947 Vintage. 1947 *Wynoes.*		Previous Vintages. *Vorige Wynoeste.*	
	Bulk. *Bruto.*	Calculated at 20 per cent. Strength. *Bereken teen 20 persent sterkte.*	Bulk. *Bruto.*	Calculated at 20 per cent. Strength. *Bereken teen 20 persent sterkte.*	Bulk. *Bruto.*	Calculated at 20 per cent. Strength. *Bereken teen 20 persent sterkte.*	Bulk. *Bruto.*	Calculated at 20 per cent. Strength. *Bereken teen 20 persent sterkte.*	Bulk. *Bruto.*	Calculated at 20 per cent. Strength. *Bereken teen 20 persent sterkte.*	Bulk. *Bruto.*	Calculated at 20 per cent. Strength. *Bereken teen 20 persent sterkte.*	Bulk. *Bruto.*	Calculated at 20 per cent. Strength. *Bereken teen 20 persent sterkte.*	Bulk. *Bruto.*	Calculated at 20 per cent. Strength. *Bereken teen 20 persent sterkte.*
	Gallons. *Gellings.*	Gallons. *Gellings.*	Gallons. *Gellings.*	Gallons. *Gellings.*	Gallons. *Gellings.*	Gallons. *Gellings.*	Gallons. *Gellings.*	Gallons. *Gellings.*	Gallons. *Gellings.*	Gallons. *Gellings.*	Gallons. *Gellings.*	Gallons. *Gellings.*	Gallons. *Gellings.*	Gallons. *Gellings.*	Gallons. *Gellings.*	Gallons. *Gellings.*
1. Wine intended for distillation purposes (*Wyn vir distilleringsdoeleindes bestem*)	195,140	180,483	2,002	1,821	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—
2. Wines, not intended for distillation purposes (*Wyn nie vir distilleringsdoeleindes bestem nie*) :—																
(*a*) Pure Natural Wines (*Suiwer natuurlike wyn*)—																
(i) Red (*Rooi*)	951,119	1,074,030	713,446	812,531	2,802	3,190	2,121	2,055	81	81	233	233	7,733	8,157	1,754	1,769
(ii) White (*Wit*)	2,640,063	2,976,112	381,030	424,839	2,363	2,724	3,002	2,860	336	353	240	240	8,820	10,025	2,269	2,321
(*b*) Fortified Wines (*Versterkte wyn*)—																
(i) Port type (*Port-tipe*)	1,385,125	2,362,849	5,989,881	10,952,057	6,457	10,522	3,257	5,570	886	1,823	1,144	1,727	19,211	29,690	12,067	23,417
(ii) Sherry type (*Sherry-tipe*)	1,864,457	3,008,051	5,548,071	9,558,126	8,090	12,894	4,251	7,190	524	790	694	1,061	16,902	26,174	11,088	18,376
(iii) Other table wines (*Ander tafelwyn*)	826,971	1,541,286	438,381	791,859	3,778	5,843	8,400	14,265	742	1,113	352	616	24,383	36,171	11,089	20,020
(iv) Canteen wines (*Kantienwyn*)	410,894	733,066	147,840	264,016	519	784	3,946	6,330	—	—	—	—	6,392	10,460	287	430
(v) Unclassified wines (*Ongeklassifiseerde wyn*)	1,078,854	2,142,996	791,879	1,521,937	2,784	4,796	3,727	5,743	39	58	—	—	925	1,663	487	824
(*c*) Sparkling wine (*Vonkelwyn*)—																
(i) Red (*Rooi*)	2,436	2,826	285	310	98	120	200	187	55	61	40	44	522	559	327	343
(ii) White (*Wit*)	10,440	12,221	6,150	6,916	1,069	1,808	1,328	1,367	249	273	507	557	4,905	5,244	2,036	2,188
3. Intended for use for, or in the making of wine (*Bestem vir gebruik vir, of in verband met die maak van wyn*)—																
(*a*) Must (*Mos*)	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—
(*b*) Grapes (*Druiwe*)	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—
(*c*) Grape juice (*Druiwesap*)	29,981	88,461	320	469	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—
(*d*) Moskonfyt	220,035	774,246	86,051	150,736	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—
(*e*) Raisins and sultanas (*Rosyntjies en sultanas*)	340	1,302	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—
(*f*) Lees of wine (*Wynmoer*)	19,365	32,397	2,680	4,110	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—	—

Office of the Commissioner of Customs and Excise, Pretoria.
Kantoor van die Kommissaris van Doeane en Aksyns, Pretoria.

B. W. KIRBY,
Commissioner of Customs and Excise.
Kommissaris van Doeane en Aksyns.

✱ NOTICE No. 349 OF 1948.

NKWALENI IRRIGATION BOARD.

Notice is hereby given that at an election held at Nkwaleni on the 14th April, 1948, Mr. S. H. Barratt was elected a member of the Nkwaleni Irrigation Board in place of Mr. G. T. Coffey whose term of office lapsed in terms of section *eighty-eight* of the Irrigation and Conservation of Waters Act, No. 8 of 1912. 71 votes were recorded in favour of the successful candidate.

J. T. MALHERBE,
Acting Magistrate.

✱ NOTICE No. 350 OF 1948.

LIQUOR ACT, 1928.

LIQUOR LICENSING BOARD FOR THE DISTRICT OF PRETORIA.

INTERIM MEETING.

It is hereby notified, in terms of section *twenty-one* of the Liquor Act, 1928, that an interim meeting of the Liquor Licensing Board for the District of Pretoria will be held in "H" Court at the Magistrate's Court at Pretoria at 10 o'clock a.m. on the 4th day of June, 1948, for the consideration of applications for conditional authority for hotel liquor licences by the undermentioned persons at the premises named after their respective names:—

(1) Stephanis Pefanis, 866/7 Bloed Street, Pretoria.

(2) Hendrik de Groot, portion of Erf No. 14 and portion of Erf No. 15, situate at 165, 169 and 169A Bloed Street, Pretoria.

(3) Baignarth Ramanath Mooloo, Portion A of Erf No. 830, on corner of Boom and Schubart Streets, Pretoria.

(4) Berel Factor, portion Erf No. 66, situate at 237 Beatrix Street, Pretoria.

WILFRED ROSS,
Magistrate.

Magistrate's Office,
Pretoria, 21st April, 1948.

✱ NOTICE No. 351 OF 1948.

STEYN'S FURROW IRRIGATION BOARD.

With reference to Government Notice No. 281 of 1948, it is hereby notified that Mr. S. P. Hanekom has been duly elected for the unexpired portion of the term of office of Mr. J. C. Kotze, who resigned.

J. B. MULLER,
Magistrate.

Magistrate's Office,
Upington, 20th April, 1948.

✱ NOTICE No. 352 OF 1948.

TOBACCO INDUSTRY CONTROL BOARD.
(Established under Act No. 17 of 1935.)

NOTICE OF PAYMENT OF BOUNTY ON TOBACCO EXPORTED.

Notice is hereby given that, in terms of paragraph (*l*) of section 17 of the Tobacco Control Scheme, published under Proclamation No. 51 of 1939, the Tobacco Industry Control Board will pay a bounty in respect of tobacco of the undermentioned description exported from the Union during the period 1st May, 1948, to 30th April, 1949, as follows:—

Class (*a*).

Turkish Tobacco: 5 d. per lb. (excluding scrap tobacco);

✱ KENNISGEWING No. 349 VAN 1948.

BESPROEIINGSRAAD NKWALENI.

Hierby word bekendgemaak dat mnr. S. H. Barratt by 'n verkiesing gehou op 14 April 1948, te Nkwaleni, gekies is as lid van die Besproeiingsraad Nkwaleni, in plek van mnr. G. T. Coffey wie se dienstermyn ooreenkomstig artikel *agt-en-tagtig* van die Besproeiings- en Waterbewaringswet, No. 8 van 1912, verstryk het. 71 stemme is op die suksesvolle kandidaat uitgebring.

J. T. MALHERBE,
Waarnemende Magistraat.

✱ KENNISGEWING No. 350 VAN 1948.

DRANKWET, 1928.

DRANKLISENSIERAAD VAN DIE PRETORIA-DISTRIK.

TUSSENTYDSE VERGADERING.

Ingevolge artikel *een-en-twintig* van die Drankwet, 1928, word hiermee bekendgemaak dat 'n tussentydse vergadering van die Dranklisensieraad van die distrik Pretoria om 10-uur vm. op 4 Junie 1948 in hof „H" in die Magistraatshof te Pretoria gehou sal word vir die oorweging van aansoeke om voorwaardelike magtiging vir hoteldranklisensies deur ondervermelde persone op die persele wat na hulle onderskeie name vermeld word:—

(1) Stephanis Pefanis, Bloedstraat 866/7, Pretoria.

(2) Hendrik de Groot, gedeelte van Erf No. 14 en gedeelte van Erf No. 15, geleë te Bloedstraat 165, 169 en 169A, Pretoria.

(3) Baignarth Ramanath Mooloo, gedeelte A van Erf No. 830, op die hoek van Boom- en Schubartstraat, Pretoria.

(4) Berel Factor, gedeelte Erf No. 66, geleë te Beatrixstraat 237, Pretoria.

WILFRED ROSS,
Magistraat.

Magistraatskantoor,
Pretoria 21 April 1948.

✱ KENNISGEWING No. 351 VAN 1948.

BESPROEIINGSRAAD STEYNSVOOR.

Met betrekking tot Goewermentskennisgewing No. 281 van 1948, word hiermee bekendgemaak dat mnr. S. P. Hanekom behoorlik gekies is vir die onverstreke gedeelte van die ampstyd van mnr. J. C. Kotze wat bedank het.

J. B. MULLER,
Magistraat.

Magistraatskantoor,
Upington, 20 April 1948.

✱ KENNISGEWING No. 352 VAN 1948.

RAAD VAN BEHEER OOR DIE TABAK-NYWERHEID.
(Ingestel ingevolge Wet No. 17 van 1935.)

KENNISGEWING VAN BETALING VAN TOELAE OP UITGEVOERDE TABAK.

Kennisgewing geskied hiermee dat die Raad van Beheer oor die Tabaknywerheid, ingevolge paragraaf (*l*) van artikel 17 van die Tabakreëlingskema, wat by Proklamasie No. 51 van 1939 gepubliseer is, 'n toelae sal betaal ten opsigte van tabak van onderstaande klasse wat gedurende die tydperk 1 Mei 1948 tot 30 April 1949 uit die Unie uitgevoer word, as volg:—

Klas (*a*).

Turkse Tabak: 5d. per lb. (brokkeltabak uitgesonderd);

Class (*b*) and Class (*c*).
Light Tobacco: 22½ per cent. of the ruling prices in the Union;
Class (*c*).
Dark Tobacco: 7d. per lb. for stripts; 6d. per lb. for grades BS1, BS2, DS1, and DS2; 4d. per lb. for grades D and E; and 3d. per lb. for grades F, G, H and SD;

provided that no payment of bounty shall be made before 30th April, 1949, and that no bounty shall be paid on tobacco exported in the case of class (*a*) in excess of 12 per cent. and in the case of classes (*b*) and (*c*) in excess of 6 per cent. of the total weight of such class of tobacco received from producers during the said period by agents appointed for the sale of tobacco on behalf of producers and provided further that the maximum amount of any light grade of classes (*b*) and (*c*) exported does not exceed 10 per cent. and that the net price realized on foreign markets plus the bounty, does not exceed the local price of such tobacco.

By Order of the Board.

J. H. SLABBER,
Secretary,
Tobacco Industry Control Board.

Pretoria, 22nd April, 1948.

✱ NOTICE No. 353 OF 1948.

TOBACCO INDUSTRY CONTROL BOARD.

(Established under Act No. 17 of 1935.)

APPLICATION FOR PAYMENT OF BOUNTY ON LEAF TOBACCO EXPORTED.

Notice is hereby given that, in terms of paragraph (*l*) of section 17 of the Tobacco Control Scheme, published under Proclamation No. 51 of 1939, the Tobacco Industry Control Board will pay a bounty in respect of tobacco of the undermentioned description exported from the Union during the period 1st May, 1947, to 30th April, 1948, as follows:—

Class (*a*).
Turkish Tobacco: 5 d. per lb. (excluding scrap tobacco);
Class (*b*) and Class (*c*).
Light Tobacco: 22½ per cent. of the ruling prices in the Union;
Class (*c*).
Dark Tobacco: 7d. per lb. for stripts; 6d. per lb. for grades BS1, BS2, DS1 and DS2; 4d. per lb. for grades D and E; and 3d. per lb. for grades F, G, H and SD;

provided that no bounty shall be paid on tobacco exported in the case of class (*a*) in excess of 12 per cent. and in the case of classes (*b*) and (*c*) in excess of 6 per cent. of the total weight of such class of tobacco received from producers during the said period by agents appointed for the sale of tobacco on behalf of producers and provided further that the maximum amount of any light grade of classes (*b*) and (*c*) exported does not exceed 10 per cent. and that the net price realized on foreign markets plus the bounty, does not exceed the local price of such tobacco.

All persons who exported leaf tobacco of any of the above specified grades within the said period, are called upon to lodge their bounty claims with the Tobacco Industry Control Board, P.O. Box 934, Pretoria, within 30 days from the publication hereof. The said Board shall be entitled to call for such documentary or other proof of the claim as it deems advisable.

By Order of the Board.

J. H. SLABBER,
Secretary,
Tobacco Industry Control Board.

Pretoria, 22nd April, 1948.

Klas (*b*) en Klas (*c*).
Ligte Tabak: 22½ persent van die heersende Uniepryse;
Klas (*c*).
Donker Tabak: 7d. per lb. vir ontrugde tabak; 6d. per lb. vir grade BS1, BS2, DS1 en DS2; 4d. per lb. vir grade D en E; en 3d. per lb. vir grade F, G, H en SD;

met dien verstande dat geen toelaes voor 30 April 1949 betaal sal word nie en dat geen toelae ten opsigte van uitgevoerde tabak betaal sal word, in die geval van klas (*a*), op meer as 12 persent en, in die geval van klasse (*b*) en (*c*), op meer as 6 persent van die totale gewig van die betrokke klas tabak wat gedurende gemelde tydperk van produsente ontvang is deur agente wat aangestel is vir die verkoop van tabak ten behoewe van produsente en verder op voorwaarde dat nie meer as 10 persent van enige ligte graad van klasse (*b*) en (*c*) uitgevoer word nie, en dat die netto buitelandse prys wat verkry word plus die uitvoertoelae nie hoër as die binnelandse prys vir sodanige tabak is nie.

Op las van die Raad.

J. H. SLABBER,
Sekretaris,
Raad van Beheer oor die Tabaknywerheid.

Pretoria, 22 April 1948.

✱ KENNISGEWING No. 353 VAN 1948.

RAAD VAN BEHEER OOR DIE TABAKNYWERHEID.

(Ingestel ingevolge Wet No. 17 van 1935.)

AANSOEK OM BETALING VAN TOELAE OP UITGEVOERDE BLAARTABAK.

Kennisgewing geskied hiermee dat die Raad van Beheer oor die Tabaknywerheid, ingevolge paragraaf (*l*) van artikel 17 van die Tabakreëlingskema, wat by Proklamasie No. 51 van 1939 gepubliseer is, 'n toelae sal betaal ten opsigte van tabak van onderstaande klasse, wat gedurende die tydperk 1 Mei 1947 tot 30 April 1948 uit die Unie uitgevoer word, as volg:—

Klas (*a*).
Turkse Tabak: 5d. per lb. (brokkeltabak uitgesonderd);
Klas (*b*) en Klas (*c*).
Ligte Tabak: 22½ persent van die heersende Uniepryse;
Klas (*c*).
Donker Tabak: 7d. per lb. vir ontrugde tabak; 6d. per lb. vir grade BS1, BS2, DS1 en DS2; 4d. per lb. vir grade D en E; en 3d. per lb. vir grade F, G, H en SD;

met dien verstande dat geen toelae ten opsigte van uitgevoerde tabak betaal sal word, in die geval van klas (*a*), op meer as 12 persent en, in die geval van klasse (*b*) en (*c*), op meer as 6 persent van die totale gewig van die betrokke klas tabak wat gedurende gemelde tydperk van produsente ontvang is deur agente wat aangestel is vir die verkoop van tabak ten behoewe van produsente en verder op voorwaarde dat nie meer as 10 persent van enige ligte graad van klasse (*b*) en (*c*) uitgevoer word nie, en dat die netto buitelandse prys wat verkry word plus die uitvoertoelae nie hoër as die binnelandse prys vir sodanige tabak is nie.

Elkeen wat blaartabak van enige van bovermelde grade gedurende genoemde tydperk uitgevoer het, word gevra om sy vorderings vir toelaes by die Raad van Beheer oor die Tabaknywerheid, Posbus 934, Pretoria, binne dertig dae na publikasie hiervan in te dien. Genoemde Raad is geregtig om sodanige dokumentêre of ander bewys ter staving van die vordering te vra as wat hy nodig ag.

Op las van die Raad.

J. H. SLABBER,
Sekretaris,
Raad van Beheer oor die Tabaknywerheid.

Pretoria, 22 April 1948.

✱ NOTICE No. 354 OF 1948.

PONGOLA IRRIGATION SCHEME.

GOVERNMENT RATE FOR THE YEAR ENDING 31ST MARCH, 1949.

It is hereby notified that a Government rate of twenty shillings per morgen has, under the provisions of sub-section (2) of section *seven* of the Irrigation and Conservation of Waters Act, No. 8 of 1912, been levied for the year ending 31st March, 1949, upon all irrigable land scheduled under the Pongola Irrigation Scheme. The rate shall be paid on or before 31st December, 1948. Payment may be made at the offices of the following:—

Director of Irrigation, Pretoria.
Superintendent, Pongola Irrigation Scheme.

It is further notified that if any such rates remain wholly or partly unpaid after 31st December, 1948, the supply of water from the works to the land in respect of which such rates are due may be cut off forthwith.

L. A. MACKENZIE,
Director of Irrigation.

✱ NOTICE No. 355 OF 1948.

GANNAVLAKTE IRRIGATION BOARD.

Notice is hereby given that at a nomination court held on the 17th April, 1948, Mr. H. J. Lombard was elected as a member of the Gannavlakte Irrigation Board, vice Mr. D. J. Vosloo deceased.

Mr. Lombard will hold office for the unexpired period of Mr. Vosloo's term of office.

M. J. DE K. DU PLESSIS,
Magistrate.

Cradock,
17th April, 1948.

✱ NOTICE No. 356 OF 1948.

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS.

NOTICE OF EXPROPRIATION.

To whom it may concern:

Please take notice that, under the powers conferred by section *three* (*a*) of Act No. 22 of 1916, or any amendment thereof, and Act No. 17 of 1945, and statutes therein referred to, the " Administration " as defined in section *two* of the said Act No. 22 of 1916, has by Notice of Expropriation No. C. 3156, dated 25th January, 1947, served on 19th September, 1947, on Philippus Daniel van der Merwe, expropriated certain land in extent approximately 20,142 Cape square feet, being portion of the remaining extent of Blocks X, Y and Z, of the " Fairfield Estate ", situate in the Municipality of Parow, Division of Cape, Cape Province, for the South African Railways and Harbours.

I, therefore, give notice that it is the intention of the Administration to register transfer of the said land according to Diagram LG. No. 23/48, in the name of the Government of the Union of South Africa in its Railways and Harbours Administration, free of all conditions.

Dated at Johannesburg this 17th day of April, 1948.

W. M. CLARK,
General Manager,
South African Railways and Harbours.

Ref. LZ. 1040/1/56.

✱ KENNISGEWING No. 354 VAN 1948.

BESPROEIINGSKEMA PONGOLA.

GOEWERMENTSBELASTING VIR DIE JAAR EINDIGENDE 31 MAART 1949.

Hierby word bekendgemaak dat 'n Goewermentsbelasting van twintig sjielings per morg kragtens die bepalings van subartikel (2) van artikel *sewe* van die Besproeiings- en Waterbewaringswet, No. 8 van 1912, vir die jaar eindigende 31 Maart 1949 op alle ingelyste besproeibare grond onder die besproeiingskema Pongola gehef is. Die belasting moet voor of op 31 Desember 1948 betaal word en betaling kan by die kantore van ondergenoemde amptenare geskied:—

Direkteur van Besproeiing, Pretoria.
Superintendent, Besproeiingskema Pongola.

Verder word bekendgemaak dat as dié belasting na 31 Desember 1948 geheel of gedeeltelik onbetaald bly, die watertoevoer van die werke na die grond waarop die belasting verskuldig is, onmiddellik afgesluit kan word.

L. A. MACKENZIE,
Direkteur van Besproeiing.

✱ KENNISGEWING No. 355 VAN 1948.

BESPROEIINGSRAAD GANNAVLAKTE.

Hierby word bekendgemaak dat mnr. H. J. Lombard op 'n nominasiehof gehou op 17 April 1948 gekies is as lid van die Besproeiingsraad Gannavlakte in die plek van mnr. D. J. Vosloo wat oorlede is.

Mnr. Lombard beklee die amp vir die onverstreke ampstyd van mnr. Vosloo.

M. J. DE K. DU PLESSIS,
Magistraat.

Cradock,
17 April 1948.

✱ KENNISGEWING No. 356 VAN 1948.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

KENNISGEWING VAN ONTEIENING.

Aan wie daarby belang het:

Geliewe kennis te neem dat die ,, Administrasie " soos omskryf in artikel *twee* van Wet No. 22 van 1916, kragtens die bevoegdheid verleen by artikel *drie* (*a*) van Wet No. 22 van 1916, of 'n wysiging daarvan, en Wet No. 17 van 1945, en wette daarin genoem, ingevolge Kennisgewing van Onteiening No. C. 3156, gedateer 25 Januarie 1947, en op 19 September 1947 op Philippus Daniel van der Merwe, gedien, sekere grond groot ongeveer 20,142 Kaapse vierkantvoet, synde gedeelte van die restant van Blokke X, Y en Z, van die ,, Fairfield Estate ", geleë in die munisipaliteit Parow, afdeling Kaapland, Kaapprovinsie, vir die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens onteien het.

Ek gee dus kennis dat die Administrasie voornemens is om transport van genoemde stuk grond ooreenkomstig Kaart LG. No. 23/48, sonder enige voorwaardes, op naam van die Regering van die Unie van Suid-Afrika in sy Administrasie van Spoorweë en Hawens te registreer.

Gedateer te Johannesburg, op hede die 17de dag van April 1948.

W. M. CLARK,
Hoofbestuurder,
Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens.

Verw. LZ. 1040/1/56.

✱ NOTICE No. 357 OF 1948.

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS.

NOTICE OF EXPROPRIATION.

To whom it may concern:

Please take notice that, under the powers conferred by section *three* (*a*) of Act No. 22 of 1916, or any amendment thereof, and Act No. 6 of 1882 (Cape), and statutes therein referred to, the " Administration " as defined in section *two* of said Act No. 22 of 1916, has by Notice of Expropriation No. C. 1599, dated 13th May, 1937, served on 29th May, 1937, on Estate of the late Henry Reuben Strydom, expropriated certain land, in extent approximately 1 morgen 340 square roods, being portion of Lot No. 3 of sub-division A of the farm Hartebeestfontein, and approximately 286 square roods, being portion of Lot No. 4 of sub-division A of the farm Hartebeestfontein, Division of Humansdorp, Cape Province, for the South African Railways and Harbours.

I, therefore, give notice that it is the intention of the Administration to register transfer of the said land according to Diagrams 3957/1938 and 3958/1938, in the name of the Government of the Union of South Africa in its Railways and Harbours Administration, free of all conditions.

Dated at Johannesburg this 17th day of April, 1948.

W. M. CLARK,
General Manager,
South African Railways and Harbours.

Ref. LXG. 3/1/14.

✱ NOTICE No. 358 OF 1948.

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS.

NOTICE OF EXPROPRIATION.

To whom it may concern:

Please take notice that, under the powers conferred by section *three* (*a*) of Act No. 22 of 1916, or any amendment thereof, and Act No. 13 of 1873 (Cape), and statutes therein referred to, the " Administration " as defined in section *two* of the said Act No. 22 of 1916, has by Notices of Expropriation Nos. C. 3270 and C. 2804 A, dated 17th February, 1948, served on 3rd March, 1948, on Petrus Jacobus Abrahamse, expropriated certain land, being (1) Portion No. 9 (a portion of Portion No. 3) of the farm De Eikeboomen, in extent 73,419 square feet, (2) Portion No. 32 of the farm Ronde Heuvel, in extent 2·4874 morgen, (3) Portion No. 33 (a portion of Portion No. 1) of the farm Ronde Heuvel, in extent 3·2093 morgen, situate at Hermon, in the Division of Paarl, Province of the Cape, for the South African Railways and Harbours.

I, therefore, give notice that it is the intention of the Administration to register transfer of the said land according to Diagrams S.G. Nos. 7444, 7445, 7446/47, in the name of the Governmnt of the Union of South Africa in its Railways and Harbours Administration, free of all conditions.

Dated at Johannesburg this 19th day of April, 1948.

W. M. CLARK,
General Manager,
South African Railways and Harbours.

Ref. LZG. 1/1/107/10.

✱ NOTICE No. 359 OF 1948.

SOUTH AFRICAN RAILWAYS AND HARBOURS.

NOTICE.

To whom it may concern:

This is to notify you that by virtue of the powers conferred by section *three* (*a*) of Act No. 22 of 1916, or any amendment thereof, read in conjunction with section *three* of Ordinance No. 20 of 1903 (Transvaal), the " Administration ", as defined in section *two* of the said Act No. 22 of 1916, requires to enter upon any

✱ KENNISGEWING No. 357 VAN 1948.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

KENNISGEWING VAN ONTEIENING.

Aan wie daarby belang het:

Geliewe kennis te neem dat die ,, Administrasie " soos omskryf in artikel *twee* van Wet No. 22 van 1916, kragtens die bevoegdheid verleen by artikel *drie* (*a*) van Wet No. 22 van 1916, of 'n wysiging daarvan, en Wet No. 6 van 1882 (Kaap), en wette daarin genoem, ingevolge Kennisgewing van Onteiening No. C. 1599, gedateer 13 Mei 1937, en op 29 Mei 1937 op die boedel van wyle Henry Reuben Strydom gedien, sekere grond groot ongeveer 1 morg 340 vierkantroede, synde gedeelte van Perseel No. 3 van Onderverdeling A, van die plaas Hartebeestfontein en ongeveer 286 vierkantroede, synde gedeelte van Perseel No. 4 van Onderverdeling A, van die plaas Hartebeestfontein, afdeling Humansdorp, Kaapprovinsie, vir die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens onteien het.

Ek gee dus kennis dat die Administrasie voornemens is om transport van genoemde stuk grond ooreenkomstig Kaarte Nos. 3957/1938 en 3958/1938, sonder enige voorwaardes, op naam van die Regering van die Unie van Suid-Afrika in sy Administrasie van Spoorweë en Hawens te registreer.

Gedateer te Johannesburg, op hede die 17de dag van April 1948.

W. M. CLARK,
Hoofbestuurder,
Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens.

Verw. LXG. 3/1/14.

✱ KENNISGEWING No. 358 VAN 1948.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

KENNISGEWING VAN ONTEIENING.

Aan wie daarby belang het:

Geliewe kennis te neem dat die ,, Administrasie ", soos omskryf in artikel *twee* van Wet No. 22 van 1916, kragtens die bevoegdheid verleen by artikel *drie* (*a*) van Wet No. 22 van 1916, of 'n wysiging daarvan, en Wet No. 13 van 1873 (Kaap), en wette daarin genoem, ingevolge Kennisgewings van Onteiening Nos. C. 3270 en C. 2804A, gedateer 17 Februarie 1948, en op 3 Maart 1948 op Petrus Jacobus Abrahamse gedien, sekere grond, synde (1) Gedeelte No. 9 ('n gedeelte van Gedeelte No. 3 van die plaas De Eikeboomen, groot 73,419 vierkant voet; (2) Gedeelte No. 32 van die plaas Ronde Heuvel, groot 2·4874 morg; (3) Gedeelte No. 33 ('n gedeelte van Gedeelte No. 1) van die plaas Ronde Heuvel, groot 3·2093 morg, geleë te Hermon, Afdeling Paarl, Kaapprovinsie, vir die Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens onteien het.

Ek gee dus kennis dat die Administrasie voornemens is om transport van genoemde stuk grond ooreenkomstig Kaarte S.G. Nos. 7444, 7445 en 7446/47, sonder enige voorwaardes, op naam van die Regering van die Unie van Suid-Afrika in sy Administrasie van Spoorweë en Hawens te registreer.

Gedateer te Johannesburg, op hede die 19de dag van April 1948.

W. M. CLARK,
Hoofbestuurder,
Suid-Afrikaanse Spoorweë en Hawens.

Verw. LZG. 1/1/107/10.

✱ KENNISGEWING No. 359 VAN 1948.

SUID-AFRIKAANSE SPOORWEË EN HAWENS.

KENNISGEWING.

Aan wie dit mag aangaan:

Hierby word u in kennis gestel dat die ,, Administrasie ", soos omskryf in artikel *twee* van Wet No. 22 van 1916, kragtens bevoegdheid verleen by artikel *drie* (*a*) van genoemde Wet of enige wysiging daarvan, gelees met artikel *drie* van Ordonnansie No. 20 van 1903 (Transvaal), dit nodig vind om eiendomme in die

property in the Districts of Vereeniging and Heidelberg, Province of the Transvaal, for the purpose of surveying a possible route for a proposed line of railway between Redan and Grootvlei Stations and for this purpose free entry shall be permitted all authorised officers of the Railway Administration, to carry out the required work.

Dated at Johannesburg this 17th day of April, 1948.

W. M. CLARK,
General Manager,
South African Railways and Harbours.

✱ NOTICE No. 360 OF 1948.

CUSTOMS TARIFF APPLICATIONS.

It is hereby notified for general information that the following representations affecting the Customs Tariff, have been received by the Board of Trade and Industries:—

LIST No. 27.

Rebate of duty under Class XV on—

(1) Steel tape for armouring of electric cables.
(2) Temporary rebate on printed waxed tissue paper used in the sweet manufacturing industry.
(3) The following materials for the manufacture of sanitary napkins:—
  (*a*) Cotton denser.
  (*b*) Bleached white cotton yarn.
  (*c*) Unbleached cotton thread.
(4) Glacial acetic acid for the manufacture of sodium acetate, chromium acetate and other acetates.
(5) Khaki serge for the manufacture of protective jackets for native mine-workers.

Decrease in duty on—

Photographic films for aerial survey, from 15 per cent. ad valorem to free.

Increase in duty on—

(1) Engineer's bench vices, from 5 per cent. ad valorem to 15 per cent. ad valorem.
(2) Brake fluid, from free to 50 per cent. ad valorem.

For List No. 26 see General Notice No. 219 of 1948, dated 19th March, 1948.

✱ NOTICE No. 361 OF 1948.

UNION OF SOUTH AFRICA.

DEPARTMENT OF HEALTH.

BULLETIN No. 17 OF 1948 FOR THE WEEK ENDED 24TH APRIL, 1948.

PLAGUE.

Nil.

SMALLPOX.

Farm of Mr. W. H. Bailsey, Butterworth District (Cape); Municipal Location, Vereeniging, Vereeniging District (Transvaal).

TYPHUS FEVER.

Candu Location, Idutywa District (Cape); the farms Kafferskop and Ford, Clocolan District (Orange Free State).

MALARIA.

Natal and Zululand.

